Landbouvooruitskouing

Lente Uitgawe

2018

#Africanacity

Africans are remarkable.
The distinctly African ability to always find ways to get things done.

Inhoud

4 Voorwoord

5 Bydraers
5 Bronne

Seksie 1: Algemeen
6 Ekonomiese Oorsig
10 Produksie-insette
12 Waterbeleid
15 Klimaatvoorsuitskouing
16 Botswana

Seksie 2: Lewendehawe
18 Beesvleis
21 Skaapvleis
24 Varkvleis
27 Pluimvee
30 Suiwel

Seksie 3: Wol & Sybokhaar
33 Wol
36 Sybokhaar

Seksie 4: Suiker, Katoen & Hout
37 Suiker
40 Katoen
42 Bosbou

REDAKSIE
Saamgestel deur *Farmer's Weekly* vir Absa Bank
Redakteur: Denene Erasmus
Kunsredakteur: Vian Roos
Vertaling: Denene Erasmus, Julinda Schroeder & Janine Ryan
Subredakteurs: Janine Ryan & Fanie de Villiers
011 889 0836
farmersweekly.co.za

GEDRUK DEUR
CTP Web Printers, Kaapstad.

KOPIEREG © 2018 ABSA BANK
Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, versprei of oorgedra word sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

VRYWARING
Terwyl die nodige sorg geneem word om akkuraatheid te verseker, kan Absa Bank en *Farmer's Weekly* nie aanspreeklik gehou word vir enige foute in produklyste, beskikbaarheid, pryse of enige ander inligting nie.

Voorwoord

Jacobus Wells, hoof van Absa AgriBesigheid Afrika

Dit is met trots dat ek as hoof van Absa AgriBesigheid Afrika ons derde seisoenale voortuitskouing vir landboutendense bekendstel wat fokus op die nuutste ontwikkelings in verskeie veebedrywe. Wat veral opwindend is omtrent hierdie uitgawe, is dat dit die eerste vooruitskouing is sedert Absa se nuwe strategie en identiteit geloods is, en dus verteenwoordigend is van 'n nuwe hoofstuk vir Absa as een van Afrika se grootste selfstandige banke.

Dit het elkeen van ons by Absa met nuwe geesdrif gevul om selfs beter te doen vir ons kliënte. Ons is baie opgewonde oor die geleentheid om 'n trotse Afrika-onderneming te skep wat ons Afrika-erfenis erken en wêreldwye skaalbaarheid het. Absa is al meer as 100 jaar 'n vennoot van die landbousektor en ons verstaan dus die komplekse aard daarvan en die sektor se rol in Afrika. As sodanig bly ons verbind tot die groei en volhoubaarheid van die sektor.

Landbou is 'n belangrike dryfveer van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Alhoewel landbou gemiddeld slegs 2,7% bydra tot Suid-Afrika se totale BBP, het dit 'n groot impak op die hele voedselwaardeketting, wat aansienlik bydra tot indiensneming, ekonomiese groei en voedselsekerheid.

Sommige uitdagings wat na verwagting wêreldwye ekonomiese groei kan beperk en druk op Suid-Afrika se agribesigheidsektor oor die medium termyn kan plaas, sluit in die voortslepende handelsoorlog tussen Amerika en China, wisselvallige ruoliepryse en ander geopolitieke ontwikkelings. Produsente kan dus meer mededinging op die uitvoermark ervaar, asook hoër insetkoste en verhoogde kommer in terme van biosekuriteit.

As 'n toonaangewende speler in die agribesigheidsektor bly Absa op hoogte van markneigings, wat ons in staat stel om holistiese oplossings aan ons kliënte te bied. Ons sal voortgaan om te belê in mensekapitaal, nuwe tegnologie en finansieringsoplossings, om sodoende waarde te kan toevoeg vir ons kliënte en te verseker dat hulle mededingend bly op die globale arena.

Bydraers

Hoof van Absa AgriBesigheid Afrika
Jaobus Wells: jacobus.wells@absa.co.za

Sentrum van Uitnemendheid
Wessel Lemmer: wessel.lemmer@absa.co.za
Karabo Takadi: karabo.takadi@absa.co.za
Conce Moraba: conce.moraba@absa.co.za

AgriBesigheid Bemarking en Kommunikasie
Belinda Jacobs: belinda.jacobs@absa.co.za

Marius Bosman
Pieter de Jager
Casper Gilfillian
Lizanne Herselman
JG Horn
Marvin Khaile
Nico le Roux
Yamkelani Ngxabi
Jer Nortje
Mbali Nyembe
Karien Potgieter
Rikasha Ramburan
Dr Langa Simela
Johan van den Berg (Santam Landbou)
Erik van Papendorp
Deon van Wyk

Bronne

Absa AgriBesigheid
Absa Navorsing
Amerikaanse Departement van Landbou
Graan SA
Nasionale Wolverbruikersvereniging van Suid-Afrika
Rooivleis Abattoir Vereniging
Rooivleisprodusente Organisasie
Statistiek Suid-Afrika
Suid-Afrikaanse Inkomstediens
Suid-Afrikaanse Varkprodusente Organisasie
Sybokhaar Suid-Afrika
Wêreldbank

Ekonomiese oorsig

Wessel Lemmer

Verbruikers sal na verwagting toenemend armer word aangesien Suid-Afrika se ekonomie steeds teen 'n lae tempo groei, terwyl verbruikersprysinflasie verhoog (*sien Grafiek 1*). Die M3-geldvoorraad, wat kontant en krediet insluit, sal ook toeneem. Dit dui daarop dat verbruikerskuldvlakke aan die groei is. BBP-groei sal na verwagting in 2019 tot 1,2% daal, vergeleke met die verwagte groei van 1,7% in 2018 (*sien Tabel 1*). Daar word egter verwag dat dit in 2020 en 2021 tot 2,1% en 2,2% sal styg. Voedselinflasie sal na verwagting toeneem met tussen 4,7% en 5,6% in 2020, ver bo die verwagte BBP-groei.

Uitvoerprodusente sal waarskynlik in 'n beter posisie wees as dié wat uitsluitlik die plaaslike mark voorsien. Staatskuld sal na verwagting in 2020 styg van 55% tot 56% van BBP. Die huidige stand van ondernemings in staatsbesit, soos Eskom, sal waarskynlik bydra tot toenemende skuldvlakke. Daarbenewens sal verhoogde skuld en swak bestuur ook Suid-Afrika se risiko verhoog om verder afgegradeer te word deur kredietgraderingsagentskappe.

Voorspellings dui daarop dat Suid-Afrika toenemend afhanklik sal wees van invoere. As sodanig sal die land se lopende rekening verder verswak aangesien dit sukkel om hierdie invoere te finansier met verlaagde valuta-inkomste van uitvoere.

Die rand sal na verwagting verder verswak, soos wat beleidonsekerheid, verhoogde ekonomiese groei in die VSA en verhoogde rentekoerse deur die

Tabel 1: Ekonomiese groei, staatskuld, voedselinflasie en rentekoerse

	2018	2019	2020	2021
BBP-groeikoers	1,7%	1,2%	2,1%	2,2%
Staatskuld	55%	54,7%	56%	56%
VPI-voedselpryse	4,7%	5,1%	5,6%	5,5%
Repokoers	6,5%	6,8%	7%	7%
Prima uitleenkoers	10%	10,3%	10,5%	10,5%

Grafiek 1: SA ekonomiese groei, voedselpryse en R/VSA$ wisselkoers (regs)



Federale Reserwebank van VSA lei tot 'n groter uitvloei van kapitaal (*sien Grafiek 2*). Uitvoerders van landbouprodukte sal egter voordeel geniet uit die verswakkende rand, terwyl produsente wat op 'n kleiner skaal boer en grootliks afhanklik is van die plaaslike mark, maar steeds ingevoerde insette moet koop, uiteindelik sal moet konsolideer om skaalvoordele te verkry, of hulle sal die sektor heeltemal verlaat.

Grafiek 2: SA balans van betalings (R/miljoene) en wisselkoers (regs)



Bruto produsentewaardes

Hierdie vooruitskouing fokus op die industrië in die landbousektor wat 67% bygedra het tot die jaarlikse bruto produsentewaarde (BPW) vir landbou (*sien Tabel 2 en Grafiek 3*). Die BPW vir landbou het R266,6 miljard beloop in 2016/2017. Die industrië wat in die Tabel gelys is, het 'n BPW van R178,3 miljard verwesenlik, met 'n jaar-op-jaar-groei van 13,2% in 2016/2017.

Die indeks (*sien Grafiek 4*) van die BPW van veldgewasse, tuinbou en diereprodukte, in vergelyking met die BPW van landbou in die geheel, dui op die prestasie van hierdie industrië sedert 2007/2008.

Tabel 2: Bydrae tot die bruto produsentewaarde vir landbou (R/miljoen)

	2007/08	2008/09	2009/10	2010/11	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
BPW[1]	90 905	92 616	91 381	98 283	117 110	126 860	143 029	151 985	157 605	178 358
BPW totaal	129 162	134 565	132 653	144 305	168 591	184 623	209 472	224 792	243 391	266 623
% sub-totaal [1]	70%	69%	69%	68%	69%	69%	68%	68%	65%	67%
Groei j/j vir sekere gewasse	30%	1,9%	-1,3%	7,6%	19,2%	8,3%	12,7%	6,3%	3,7%	13.2%
Groei j/j vir BPW totaal	31,1%	4,2%	-1,4%	8,8%	16,8%	9,5%	13,5%	7,3%	8,3%	9.5%

Bron: Samevatting van Landboustatistiek (2018) & Absa Landboubesigheid

[1] Subtotaal van die volgende landbousektore: Pluimvee, Beeste en Kalwers geslag, Mielies, Melk, Eiers, Suikerriet, Ander Lewendehaweprodukte, Skape en Bokke geslag, Koring, Sojabone, Varke geslag, Wol, Sybokhaar, Katoen.

Die gemiddelde groei van die BPW vir landbou was 106% vergeleke met die BPW-groei van veldgewasse teen 61% en tuinbou teen 157%.

Sojabone

Gedurende die afgelope 10 jaar het die BPW vir sojabone met meer as 600% toegeneem, wat die hoogste toename is van al die landbouprodukte wat in hierdie vooruitskouing bespreek word. Die opbou van addisionele verwerkingskapasiteit het gelei tot minder sojaboon-oliekoek invoere, wat gelei het tot 'n groei in produksie. Dus sal binnelandse groei in sojaboonproduksie en -verwerking grootliks afhang van die land se vermoë om invoere te vervang ten gunste van plaaslike aanbod.

Katoen

In vergelyking met ander landboubedrywe bly die binnelandse katoenbedryf klein. Die BPW-toename van katoen was egter die tweede grootste in vergelyking met die ander industrië wat in hierdie vooruitskouing bespreek word. Die BPW van katoen het die afgelope 10 jaar met meer as 204% toegeneem. Terwyl daar verwag word dat die katoenbedryf sal aanhou groei, gegewe die toename van 40% in 2016/2017, sal toekomstige groei van die plaaslike bedryf grootliks afhang van groei in verbruikersvraag na katoen op die uitvoermark. Aangesien verbruikers toenemend meer omgewingsbewus word en natuurlike vesels verkies bo sintetiese produkte, word daar verwag dat die vraag na katoen sal verbeter. Daarbenewens is daar groot aanvraag wêreldwyd vir plaaslik vervaardigde katoenlint vanweë die hoë gehalte en naspeurbaarheid van die produk. Die beperkte verwerkingskapasiteit belemmer egter die beskikbaarheid van katoenvoorsiening vir die uitvoermark.

Wol

Gedurende die afgelope 10 jaar het die BPW vir wol met 203% toegeneem.

In 2018 het plaaslike wol produsente rekordpryse ontvang, en dit word verwag dat hierdie pryse wêreldwyd sterk sal bly. Droogte, wêreldwye kuddegetalle en 'n algemene tekort aan wol om die toenemende vraag na natuurlike vesel te bevredig, sal hoë pryse ondersteun.

Vark

Gedurende die afgelope 10 jaar het die BPW van varkvleis met 168% verbeter. Teen die einde van 2017 het die bedryf ongekende rekordpryse behaal. Pryse het egter tot onder die peilvlakke gedaal ná 'n listerie-uitbraak in vleisverwerkingsfasiliteite, wat 'n afname in die plaaslike vraag na varkprodukte tot gevolg gehad het. Die bedryf ly steeds onder 'n laer omset in 2018.

Die toekomstige groei van die bedryf sal afhang van verbeterde biosekuriteitsmaatreëls, die naspeurbaarheid van produkte, en betroubare kommunikasie deur die owerhede oor voedselveiligheid in die vleisverwerkingsindustrie.

Rooivleis en pluimvee

Die pluimveebedryf is die grootste landboubedryf in Suid-Afrika. Die hoeder- en lêbedrywe het sedert 2007/2008 onderskeidelik 113% en 107% gegroei.

BPW-groei in die rooivleisbedryf, wat beeste, kalwers, skape en bokke insluit, was tussen 154% en 156% sedert 2007/2008 en het R40,8 miljard beloop, vergeleke met die pluimveebedryf teen R50,7 miljard.

Indien biosekuriteitsvraagstukke in die rooivleisbedryf met betrekking tot Slenkdalkoors, bek-en-klouseer en miltsiekte nie na wense aangespreek word nie, kan dit 'n impak op die vraag na uitvoere hê. Daarbenewens het die droogte 'n negatiewe impak op kuddegetalle gehad, wat die produksie van speenkalwers en lammers vir die volgende twee produksieseisoene sal beperk en goeie pryse sal ondersteun.

Groei in die pluimveebedryf word beperk deur invoertariewe, en invoere sal waarskynlik aanhou toeneem om in die groeiende plaaslike vraag te voorsien.

Dit sal die moontlikheid van 'n verbetering in die BPW van die pluimveebedryf in die toekoms beperk.

Die BPW van die rooivleisbedryf sal waarskynlik toeneem, en sal waarskynlik uiteindelik die BPW van die pluimveebedryf oorskry.

Suiwel

Die BPW van die suiwelbedryf het die afgelope 10 jaar met 125% gegroei. Plaaslike verskaffing van suiwelprodukte slaag oor die

algemeen daarin om in die verhoogde verbruikersvraag te voorsien.

Binnelandse melkerye wat afhanklik is van volvoerrantsoene is oor die algemeen minder mededingend as dié wat hul eie mielies, sojabone en diervoeding produseer. Gevolglik sal hierdie produsente voortgaan om die bedryf te verlaat, terwyl diegene met volhoubare melkerye voordeel sal trek uit skaalbesparings.

Die belastingvrye invoer van produkte van die EU, soos UHT-melk, en verhoogde biosekuriteitsmaatreëls sal die groeipotensiaal van die plaaslike suiwelbedryf beperk.

Suiker

Sedert 2007/2008 het die BPW van die suikerbedryf met 106% toegeneem. Die bedryf is egter afhanklik van 'n gunstige invoertarief om finansieel te oorleef. Lae koste-invoere, as gevolg van 'n wêreldwye ooraanbod van suiker, sal steeds die plaaslike bedryf negatief beïnvloed.

Mielies

Die BPW van mielies wissel volgens produksie, wat grootliks geraak word deur droëlandproduksietoestande sowel as die wisselvallige prysverskil tussen invoer- en uitvoerpariteit. Data van driejaargemiddeldes sedert 2007/2008 toon dat die bedryf se BPW-groei gemiddeld 36% was.

Die hoë koste van mielie-insette noop produsente om deur geneties-gemodifiseerde variëteite te plant om sodoende produksiekoste per eenheid te verlaag.

As gevolg van gunstige weerstoestande het boere 'n surplus opgebou wat nou uitgevoer moet word. Die uitvoerprys is egter dikwels laer as produksiekoste. Produsente sal dus toenemend afhanklik wees van die diversifisering van hul plaasbedrywighede om hul blootstelling aan die mieliemark te beperk.

Grafiek 3: Landboubedrywe wat 67% bygedra het tot die brutoprodusentewaarde vir landbou



Grafiek 4: Indeks vir landbougewasse (basis jaar: 2007/08)



Koring

Oor die afgelope dekade het die produksie van droëlandkoring aansienlik afgeneem, veral in die somerreënvalproduksiegebiede, terwyl produsente aan die kus moet meeding teen lae-koste koring-invoere. Die produksie van koring is dus nie volhoubaar sonder 'n voldoende invoertarief nie.

Produksie-insette

Wessel Lemmer

Oorsig

Die wêreldwye ooraanbod van kunsmis is besig om pryse te affekteer. China, die wêreld se grootste vervaardiger van kunsmis, ervaar toenemende mededinging met fosfaatuitvoere uit Marokko en Saoedi-Arabië en stikstofuitvoere uit die VSA.

Suid-Afrika voer die grootste deel van sy landbou-insette in, insluitend brandstof, kunsmis en plaagdoders, en die wêreldpryse van hierdie insette het aansienlik toegeneem tussen 2017 en 2018. Oor die volgende twee jaar word verwag dat die verswakking van die rand teenoor ander groot geldeenhede die grootste bydraer tot toekomstige plaaslike prysstygings sal wees, terwyl die jaarlikse toename in wêreldpryse na verwagting beperk sal wees.

Om voortdurend hoër opbrengste te lewer, moet Suid-Afrikaanse produsente gereeld kunsmis, veral stikstof, aanwend. Aangesien Suid-Afrika afhanklik is van invoere vir alle ureum, sowel as 'n persentasie van fosfaat in die vorm van MAP (mono-ammoniumfosfaat), sal die prysstyging 'n negatiewe uitwerking op winsmarges hê.

Ureum

Internasionaal

Ureum is 'n produk van ammoniak, 'n verbinding van stikstof en waterstof, wat uit natuurlike gas geproduseer word.

Die ontwikkeling van gasvelde in die VSA het gelei tot surplusproduksie, wat in 2018 'n wêreldwye prysdaling in ureum van 0,5% tot gevolg gehad het. Prysstygings van 2,7% en 2,6% word verwag in 2019 en 2020.

Plaaslik

Vervoerkoste en ander administratiewe kostes, wat tot 40% van die finale prys van kunsmis beloop, sal die grootste bydrae lewer tot die verwagte toename in die plaaslike ureumprys.

Die plaaslike ureumprys sal na verwagting 2,7% in 2019 en 2,6% in 2020 styg, terwyl die prys van ruolie in 2019 met 4,6% sal daal, en nog 2% in 2020. Dit sal waarskynlik lei tot laer vervoerkoste vir kunsmis in 2019 en 2020. Die wêreldwye prysstyging van ruolie en die swakker rand sal egter in kort termyn die prys van alle kunsmisstowwe aansienlik verhoog.

Fosfaat

Internasionaal

Fosfaatpryse het in 2018 met 2,1% gedaal. Daar word verwag dat pryse in 2019 en 2020 onderskeidelik met 2,1% en 2% sal styg. Die prys van diammoniumfosfaat het in 2018 met 20,3% toegeneem, maar prysstygings behoort beperk te wees tot 1,3% in 2019 en 1% in 2020.

Plaaslik

Die toename in die wêreldprys van fosfaat, sowel as brandstofprysstygings en 'n swakker rand, sal 'n beduidende prysstyging vir plaaslike fosfaat tot gevolg hê. Laer prysstygings word egter verwag gedurende 2019 en 2020.

Grafiek 5: SA kunsmis invoere (prysindeks basis jaar: 2014)



Ruolie

Die prys van ruolie het in 2018 op 'n jaargrondslag met 21,1% toegeneem, maar pryse sal waarskynlik in 2019 en 2020 onderskeidelik 4,6% en 2% daal.

Daar word egter beduidende stygings in diesel- en kunsmispryse vir die res van 2018 verwag as gevolg van die swakker rand.

Chemikalieë

Daar word verwag dat die prys van chemikalieë aansienlik sal toeneem.

Die prys van insekdoders sal na verwagting 16,7% styg, terwyl swamdoders en onkruiddoders onderskeidelik 12,5% en 11,3% sal styg.

Vooruitsig

Daar word verwag dat die wêreldwye gebruik van kunsmis oor die lang termyn sal afneem, hoofsaaklik as gevolg van die hervorming van die GLB in die EU en 'n toename in die gebruik van tegnologie wat tot laer insetgebruik sal lei. Daar word ook verwag dat die prys vir potas 1,9% sal toeneem in 2018, 3,1% in 2019 en 3,5% in 2020.

Tabel 3: Globale prysstygings vir energieprodukte en kunsmis

	2018	2019	2020
	% verandering j/j		
Natuurlike gas	0,0	3,2	3,1
Ruolie	21,1	-4,6	-2,0
Ureum	-0,5	2,7	2,6
Fosfaat	-2,1	2,1	2,0
Diammoniumfosfaat	10,3	1,3	1,0
Kaliumchloried	1,9	3,1	3,5
Rand/VSA$	4,9	6,0	5,7

Tabel 4: SA prysverhogings (%) vir ingevoerde kunsmis en plaaslike mielies en sojabone

	2018	2019	2020
	% verandering j/j		
Monokalsiumfosfaat	22,1	8,1	7,7
Ureum	-3,6	9,3	8,9
Ammoniumsulfaat	17,8	1,3	1,0
Ammoniumnitraat	-8,3	7,8	7,1
R/$	4,9	6,0	5,7
Mielies	11,9	8,4	8,6
Sojabone	8,8	8,7	8,0

Tabel 5: SA prysverhogings (%) vir ingevoerde plaagdoders & plaaslike mielies en sojabone

	2018	2019	2020
	% verandering j/j		
Onkruiddoders	11,3	9,7	6,9
Insekdoders	16,7	15,2	12,3
Swamdoders	12,5	10,8	7,3
R/$	4,9	6,0	5,7
Mielies	11,9	8,4	8,6
Sojabone	8,8	8,7	8,0

Water

Dr Langa Simela

Suid-Afrika is die 39ste droogste land ter wêreld, met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 465mm, in vergelyking met die wêreldgemiddeld van 990mm. Ten spyte hiervan gebruik Suid-Afrikaners 64l meer per persoon per dag as die wêreldgemiddelde van 173l per persoon per dag. Die huidige realiseerbare opbrengs van oppervlakwater lewer ongeveer 10,2km³ per jaar, sowat 21% van die totale afloop, waarvan 70% in die land se 252 grootste damme gestoor word, en die oorblywende 30% word in 3 832 kleiner damme gestoor. Ondergrondse water dra 'n bykomende 2km³ tot 3km³ per jaar by.

Besproeiing is die grootste verbruiker van water en gebruik ongeveer 61% van die totale aanbod (*sien Figuur 1*).

Teen die huidige gebruikstempo sal Suid-Afrika teen 2030 'n tekort van 17% ondervind.

Die dreigende waterkrisis is die gevolg van toenemende vraag, onvoldoende instandhouding van en onderinvestering in waterinfrastruktuurr. Die situasie word verder vererger deur klimaatsverandering.

Figuur 1: Suid-Afrika se waterverbruik per sektor



Daar word beraam dat Suid-Afrika R89,9 miljard per jaar moet investeer om die verlangde vlak van waterveiligheid teen 2030 te bereik, maar die land spandeer tans R33 miljard minder as wat benodig word.

Toekomsplanne

Die Departement van Water en Sanitasie (DWS) het 'n Nasionale Water- en Sanitasie-meesterplan opgestel wat beoog om die watersektor op die regte koers te sit ten opsigte van beleggingsbeplanning vir die ontwikkeling van waterhulpbronne en die lewering van water en sanitasiedienste teen 2030.

Hierdie beplande ingrypings fokus op die beperking van lekkasies, die gebruik van bybetalings om gebruik te verminder, en om teen 2023 'n stop te sit aan onwettige gebruik. Teen 2025 moet die konstruksie van die tweede fase van die

Lesotho-Hoogland-waterprojek, die versterking van die Voëlvlei-dam, die uMkhomazi Waterprojek, die Thukela-Goedertrouw Water Oordragskema, en die Laer uMkhomazi Skema almal voltooi wees. Die voorgestelde ingrypings word hieronder beskryf:

1. Minder vraag, meer aanbod

Daar word beraam dat vervalle munisipale infrastruktuur 'n verlies van 35% tot gevolg het nog voordat die water die verbruiker bereik. Daarbenewens is waterverliese van so hoog as 27% aangeteken by besproeiingskemas. Beplande ingrypings sal waarskynlik die beskikbaarheid van water van 13 949km³/jaar in 2015 tot 15 926km³ verhoog teen 2030. Dit sal egter net effektief wees as Suid-Afrikaners hul verbruik verlaag in lyn met internasionale praktyk.

2. Herverdeling van water

Volgens die DWS word meer as 70% van kommersiële plase deur gevestigde kommersiële boere besit, wat 95% van die water wat aan die landbousektor toegeken word, gebruik. Die Nasionale Water- en Sanitasie-meesterplan beoog om beskikbare water te identifiseer wat aan swart boere toegeken kan word. Hierdie water kan vanaf 2018 herverdeel word.

3. Die bestuur van effektiewe water- en sanitasiedienste

Hierdie ingryping fokus op die verskaffing van skoon water aan eindgebruikers en die hergebruik van water. Tans funksioneer 56% van die 1 150 afvalwaterbehandelingsaanlegte in Suid-Afrika nie behoorlik nie, terwyl 44% van die 962 waterbehandelingswerke in swak of kritieke toestand is. Dit beperk toegang tot veilige water. Vir die volgende vyf jaar sal die DWS daarop fokus om die bestuurs- en tegniese kapasiteit op munisipale vlak te verbeter om water- en sanitasiedienste effektief te bedryf, in stand te hou en te bestuur.

4. Regulering van water- en sanitasiesektor

Die doel van hierdie ingryping sal wees om die koördinasie tussen tegniese, bestuurs- en ekonomiese waterregulasies te verbeter om universele en bekostigbare toegang tot 'n basiese watervoorraad en sanitasie te verseker. Daar sal spesifiek gefokus word die bekostigbare toegang tot water vir die armes en die bekamping van onwettige watergebruik. Die DWS beplan ook om die bestaande wet op geregtelike gebruik teen 2028 met waterlisensies te vervang en die grondwaterprysstrategie te hersien om meer realistiese watertariewe te implimenteer.

5. Verbetering van rouwaterkwaliteit

Belangrike bekommernisse is die impak van mynbou, nywerheid en landbou op die verslegtende watergehalte, asook die swak bestuur en instandhouding van munisipale afvalwaterbehandelingswerke. Hidrobreking en 'n toename in gemeenskappe wat voldoende dienste ontvang, verhoog die stres op waterkwaliteit.

Die doel vir 2030 is dat water veilig vir gebruik moet wees. Wetlike en veilige vrylating van alle besoedelde water en geïntegreerde waterkwaliteitbestuur moet dus behaal word. Kernaktiwiteite sluit in die streng handhawing van lisensievoorwaardes om besoedeling van rouwater teen 2023 te voorkom.

6. Beskerming en herstel van ekologiese infrastruktuur

Sleutel-ekologiese infrastruktuur wat kritiese waterbates insluit, is onder groot druk. Ongeveer 50% van Suid-Afrika se water word versamel vanaf slegs 8% van die land se totale grondoppervlak, wat dus beskerm moet word teen agteruitgang.

Daarbenewens het die ekologiese toestand van riviere en hul sytakke erg versleg, en baie vleilande het verdwyn. Sleutelaktiwiteite oor die volgende vyf jaar sluit dus in die beskerming van strategiese waterhulpbronne, die herstel van ekologiese infrastruktuur en vermindering in besoedeling.

7. Skep effektiewe instellings

Die institusionele samestelling van die watersektor is tans te kompleks en ondoeltreffend. Byvoorbeeld, DWS is 'n beleidmaker, reguleerder, implementeerder en operateur van waterhulpbroninfrastruktuur en dien as 'n

opvanggebiedbestuursowerheid oor die meeste van die land. Daar is dus 'n behoefte om die institusionele samestelling te vereenvoudig en meer plaaslike funksies aan plaaslike instellings te verdeel. Belangrike voorstelle is die skep van 'n Nasionale Water- en Sanitasie-infrastruktuuragentskap om nasionale waterinfrastruktuur te ontwikkel, te bedryf en in stand te hou.

8. Bestuur van data en inligting

Onvoldoende data en inligting wat voortspruit uit swakker moniteringstelsels hou hoë risiko's in vir besluitneming en beplanning. Verbeterde data- en moniteringstelsels moet dus ontwikkel word. Kernaktiwiteite sluit in die opknapping van meetstasies teen 2027, monitering van reënval, stroomvloei, damvlakke en sleutelwaterkwaliteitsparameters, asook om die korrekte vaslegging en berging van onlangse watergebruikrekords teen 2020 te verseker.

9. Bou kapasiteit vir aksie

Onderliggend aan alle voorgestelde ingrypings is die behoefte aan institusionele kapasiteit en personeel wat toegerus is met toepaslike vaardighede. Die plan stel 'n aantal gewysigde opleidingsprogramme voor, wat werwing-, retensie- en ontwikkelingsopleiding insluit vir munisipale waterbestuurders en tegniese personeel by waterinstellings.

Tabel 6: Voorlopige waterbalans sonder kritieke ingrypings

Watergebruiksektore	2030 water vereistes projeksies (miljoen/m³)		
	Sonder kritieke ingrypings (vraag)	Met stedelike verliese af van 35% to 15%	Verminder huishoudelike vraag van 237l/ verbruiker/ dag na 173l/ verbruiker/dag
Landbou (besproeiing en vee)	9 700	9 700	9 700
Munisipaal (nywerhede, handel, stedelike en landelike huishoudings)	5 800	4 941	3 696
Strategies / kragopwekking	430	430	430
Mynbou	1 017	1 017	1 017
Internasionale verpligtinge	178	178	178
Bosbou	434	434	434
Totale watervereistes (2030)	17 559	16 700	15 455
Water beskikbaar (2015)	13 949	13 949	13 949
Oppervlakwateropbrengs	874	874	874
Grondwaterverbruik	405	405	405
Ontsouting (plus behandelde suur mynwater)	588	588	588
Hergebruik	110	110	110
Water beskikbaar (2030)	15 926	15 926	15 926
Tekort/surplus	-1 633	-774	471
Tekort/surplus (%)	-10%	-5%	3%

10. Verseker finansiële stabiliteit

Om die R33 miljard/jaar befondsingsgaping te bestuur, stel DWS koste-reflekterende tariewe vir watergebruikers voor, wat gesubsidieerde watergebruik, veral deur landbou, hersien, in ooreenstemming met die sosio-ekonomiese impak op voedselsekuriteit en implementering van die gebruik-dit-of-verloor-dit-beleid.

11. Wysiging van wetgewing

Sleutelwetgewing wat 'n impak op die watersektor het, is die Nasionale Waterwet No 36 van 1998, wat die gebruik, beskerming, bestuur en beheer van rouwater beheer; die Wet op Waterdienste, No 108 van 1997, wat die voorsiening van water- en sanitasiedienste beheer; die Wet op Waternavorsing No 34 van 1971, wat die Waternavorsingskommissie gestig het; en die Wet op Nasionale Water en Waterdienste wat saamgevat is in die Wet op Water en Sanitasie, wat voorsiening maak vir veranderinge in wetgewing wat in die meesterplan voorgestel word.

12. Verbetering van navorsing, ontwikkeling en innovasie

Die navorsings-, ontwikkelings- en innovasiestelsel sal die ontwikkeling van nuwe oplossings en tegnologieë ondersteun wat in die toekoms verdere navorsing en hersiene beleid sal toelig.

Weer

Johan van den Berg

Een van die kenmerkende eienskappe van Suider-Afrikaanse reënval is die hoogs veranderlike aard daarvan, wat dit vir boere baie moeilik maak om te beplan. Daarbenewens is die volgorde van opeenvolgende droër en natter seisoene ook problematies, met streke wat soms ondergemiddelde reënval ervaar vir vyf of meer agtereenvolgende jare, veral in droër provinsies. Dit kan 'n verwoestende effek op boerdery-aktiwiteite en finansiële volhoubaarheid hê. Teen die einde van Junie 2018 het voorspellings 'n meer as 50% waarskynlikheid aangedui vir die voorkoms van 'n El Niño-verskynsel wat na verwagting sal duur vanaf winter / lente 2018 tot herfs 2019.

Die El Niño Suidelike Ossillasie is nie die enigste faktor wat reënval bepaal nie; die oppervlaktemperatuur van die Indiese Oseaan speel ook 'n belangrike rol.

Die huidige voorspelling hiervoor dui op neutrale toestande. Dit is waarskynlik 'n positiewe aanwyser vir reënval en kan die effek van 'n El Niño versag.

As 'n El Niño ontwikkel, is dit waarskynlik dat die somerreënvalstreek vroeë lente / somerreën sal ontvang. Daar is egter ook 'n aansienlike toename in die waarskynlikheid vir ondergemiddelde reënval en bogemiddelde temperature vir November 2018 tot Februarie 2019.

Die somerreënvalstreek het vroeër vanjaar goeie reën ontvang, wat grondwatertoestande verbeter het, en die meeste damme is ook naby hulle volle kapasiteit. Die gunstige toestand van oppervlak- en ondergrondse watertoestande sal die effek van moontlike droër toestande versag.

Die Kaap het goeie, tydige reën ontvang, maar daar steeds kommer oor die waarskynlikheid van reën vir die res van die seisoen, veral in die Suid-Kaap.

Langtermyntendense

'n Ontleding van historiese reënvaldata vir Suid-Afrika dui op 'n semi-siklus van opeenvolgende ondergemiddelde en bogemiddelde reënvalperiodes. Dit is daarom waarskynlik dat die somerreënvalstreek die volgende paar jaar verbeterde reënval sal ervaar. Die sonvleksiklus bereik nou ook sy laagste punt, en die vyf tot ses jaar van verhoogde sonvlek-aktiwiteit sal waarskynlik saamval met verbeterde reënval.

Dit is moontlik dat die huidige droogte in die winterreënvalstreek kan voortduur, met inagneming van die droogtesiklusse wat in die afgelope drie tot agt jaar plaasgevind het.

'n El Niño lei gewoonlik tot verbeterde reënval in die Wes-Kaap. Die moontlikheid bestaan egter dat die Wes-Kaap vir slegs een seisoen hoër reënval sal ervaar voordat die provinsie weer ondergemiddelde reënval sal ervaar.

Die behoorlike bestuur van water is dus baie belangrik, en boere moet soveel as moontlik water oes en stoor tydens tye van goeie reënval.

Botswana

Yamkelani Ngxabi

Oorsig

Botswana is een van die minsbevolkte lande in Afrika, met slegs 2,3 miljoen mense. Die ekonomie word hoofsaaklik deur diamantmynbou en toerisme gedryf.

Die land se ekonomie herstel steeds ná 'n terugslag in 2015, toe die BBP 1,7% gekrimp het weens die swakker vraag na diamantuitvoere, ernstige droogte en aanhoudende elektrisiteits- en watervoorsieningstekorte. Die reële BBP-groei het egter in 2016 gestyg van 4,3% tot 'n beraamde 4,5% in 2017, hoofsaaklik as gevolg van groei in nie-mynaktiwiteite, soos die produksie van water en elektrisiteit; handel; vervoer en kommunikasie; en konstruksie.

Landbou dra minder as 5% by tot die BBP. Ongeveer 80% van Botswana se landbouproduksie word deur lewendehaweproduksie (hoofsaaklik beesvleis) gegenereer, wat deur die Botswana Vleiskommissie (BMC) toegang tot uitvoermarkte het.

Bestaansboerdery is algemeen in Botswana, met minder as 1 000 kommersiële boerdery-ondernemings. Gewasproduksie verteenwoordig minder as 1% van die totale grondoppervlak van die land.

Lewendehawe

Botswana se beesvleisbedryf genereer 80% van sy totale inkomste uit die uitvoer van 20% van sy totale beesvleisproduksie. Die BMC vorm die hoofverspreidingskanaal van vleis op die Europese mark. Die huidige ekonomiese vennootskapsooreenkoms (EPA) tussen die EU en sommige Afrika-lande bied Botswana, Lesotho, Mosambiek, Namibië en Swaziland vrye toegang tot die Europese mark. BMC se fasiliteite sluit in abattoirs en fasiliteite vir inmaak, looiery en byproduksie. Tans is BMC se pryse vir beeste wat voldoen aan EU-regulasies, en dié wat gereed is vir slag maar nie aan die regulasies voldoen nie, onderskeidelik P33/kg (R44,92/kg) en P29/kg (R39,48/kg). Daar word verwag dat veeproduksie en pryse oor die volgende vyf jaar sal toeneem as gevolg van die toenemende vraag vanaf buurlande, naamlik Suid-Afrika, Angola en Mosambiek, asook lande in die buiteland, soos die VAE en Hong Kong.

Die toename in produksie en verbruik word ook ondersteun deur groei van die bevolking en BBP.

Sorghum

In 'n goeie jaar kan plaaslike boere slegs sowat 20 000t produseer. In 2016 tot 2017 het Botswana 'n aansienlik kleiner oes geproduseer as gevolg van droogtetoestande. Om hierdie effek te versag, het die regering sy P600 miljoen (R816,75 miljoen) landbou-insetteprogram vir bestaansboere uitgebrei om aanplantings te bevorder. Gevolglik word verwag dat produksie gedurende die 2017/2018 seisoen sal styg.

Die land is totaal afhanklik van sorghum-invoere om aan die plaaslike vraag te voldoen. Verbruik

het redelik konstant gebly tussen 2006 en 2017, met 'n toename van slegs 10 000t. Verbruik sal na verwagting matig toeneem oor die volgende vyf jaar.

Handel

Botswana is 'n netto invoerder en voer sorghum hoofsaaklik uit Zambië en Suid-Afrika in. Gedurende die 2006/2007-seisoen het die land sowat 20 000t ingevoer en invoere het in 2012/2013 gestyg tot 54 000t. Dit het skerp gedaal in 2014/2015 as gevolg van Botswana se ekonomiese terugslag en droogte in sy buurlande.

Vooruitsig

Botswana sal na verwagting 'n netto invoerder van sorghum bly. Daar word egter verwag dat produksie en verbruik sal toeneem as gevolg van ekonomiese herstel en regeringsondersteuning.

Sojabone

Botswana produseer jaarliks gemiddeld 10 000t sojabone en is 'n netto invoerder van die produk. Die regering het die plaaslike sojaboonprys verhoog tot P700/50kg-sak (R953/50kg-sak) om plaaslike boere aan te moedig om genoeg te produseer om aan die vereistes van die regeringskemas te voldoen.

Tabel 7: Botswana se kuddegrootte, geboortes en vrektes

	Kuddegetalle				
Streke	Manlike besit	Vroulike besit	Totaal	Geboor-tes	Sterftes
Suidelik	154 704	29 706	184 410	45 360	12 572
Suidoos	4 654	871	5 525	1 386	306
Kweneg	194 338	25 217	219 555	55 346	12 297
Kgatleng	74 681	16 242	90 923	22 120	5 652
Sentraal	635 671	108 488	744 159	179 305	42 627
Noordoos	18 736	9 646	28 382	6 806	1 723
Ngamiland	199 636	38 496	238 132	60 786	21 643
Ghantsi	59 665	100 559	69 725	19 780	4 710
Kgalagadi	97 021	1 153	108 174	30 348	8 448
Totaal tradisioneel	1 439 106	249 878	1 688 984	421 235	109 978
Totaal kommersiel			383 699	88 986	12 354
Totaal			2 072 683	510 221	122 332

Tabel 8: Botswana se beesvleishandel (VSA$ '000)

	Uitvoere		Invoere		Handelswaarde	
Jaar	Vars	Gevries	Vars	Gevries	Vars	Gevries
2013	40 892	74 678	527	750	40 365	73 928
2014	50 254	64 392	628	1 369	49 626	63 023
2015	62 664	53 642	224	239	62 440	53 403
2016	53 469	51 665	226	509	52 203	51 158
2017	41 375	39 189	400	334	40 975	38 855

Beesvleis

Karabo Takadi, Erik van Papendorp en Casper Gilfillian

Internasionaal

Globale beesvleisproduksie (*sien Grafiek 6*) sal na verwagting in 2018 marginaal groei, hoofsaaklik as gevolg van verhoogde produksie in Brasilië, die VSA en Argentinië. Produksiegroei in Brasilië word gedryf deur hoër karkasgewigte, sterker binnelandse vraag en rekorduitvoere.

Droogtetoestande in die VSA het ook gelei tot 'n toename in die slaggetalle. Sommige beesboere in die VSA mag gedwing word om hul kuddes te likwideer as die weersomstandighede nie verbeter nie, wat sal lei tot verdere stygings in die globale aanbod.

Droë weerstoestande in Argentinië sal sommige produsente dwing om vroeër as gewoonlik beeste te bemark, terwyl hoër slaggetalle produksie na verwagting effens sal verhoog.

Australië se ongunstige weerstoestande en die swak toestand van weiding sal die heropboupoging van kuddes vertraag, terwyl hoër karkasgewigte produksie sal verhoog. Droë toestande sal ook lei tot hoër slaggetalle in Australië.

Verbruik

Die per capita verbruik van beesvleis het tussen 2008 en 2017 met bykans 5% gedaal. In die volgende 10 jaar sal verbruik egter na verwagting herstel en met sowat 3,5% verbeter.

China sal na verwagting verantwoordelik wees vir die grootste groei in verbruik.

Daar word verwag dat verbruik in lae-inkomste streke, wat tans lae verbruik per capita het, soos Afrika suid van die Sahara, nie aansienlik sal verhoog nie weens 'n gebrek aan voldoende inkomstegroei.

Handel

Groot uitvoerders, naamlik Brasilië, die VSA en Australië, is besig om hul uitvoervolumes te verhoog, en druk op voorraad sal dus toenemend duidelik word. Globale uitvoere word voorspel om byna 5% in 2018 te styg.

Die sterk groei in vraag vanaf China en Hong Kong sal voortgaan

om toe te neem namate stagnante binnelandse produksie nie in staat is om stygende verbruikersvraag te bevredig nie.

Pryse

'n Styging in per kapita-inkomste in China en ander ontluikende ekonomieë het die wêreldverbuik van rooivleis verbeter en gelei tot 'n toename in veeproduksie en die vraag na voer op die globale mark. Dit het prysvlakke in die primêre landbousektor ondersteun en hoër vlakke gehandhaaf as wat in die vroeë 2000's ervaar is.

Die herbouopbou van kuddes in die VSA, Argentinië en Australië sal waarskynlik pryse ondersteun oor die lang termyn.

Vooruitsig

Groter wêreldwye beesvleisvoorraadvlakke, sowel as die sterker aanbod van ander vleisprodukte soos vark en pluimvee, sal druk op die beesvleismark plaas.

Grafiek 6: Globale beesvleisproduksie ('000t) en pryse (regs)



Grafiek 7: SA beesvleisproduksie (t) en pryse (regs)



Plaaslik

Die bruto produksiewaarde (BPW) van alle diereprodukte wat in Suid-Afrika geproduseer is, het in 2016/2017 op 'n jaargrondslag met 10% gestyg tot R126,6 miljard. Die BPW van geslagte beeste en kalwers het R33,3 miljard beloop. Dit verteenwoordig 'n aandeel van 26% in die BPW van alle diereprodukte, insluitende vleis, vesel, eiers en melk. Ten spyte van die droogte het die BPW van geslagte beeste en kalwers met 9% gestyg. Oor die afgelope vyf jaar het produksie afgeneem weens die droogte. Hoër beesvleispryse het tans 'n impak op die heropbou van kuddes, omdat verse en koeie op veilings verkoop word om te voorsien in die tekort in die mark.

Die plaaslike beesbevolking het tussen 2012 en 2017 gekrimp vanaf 13,9 miljoen tot 13 miljoen diere. Strenger regulasies het ook invoere beperk, wat gelei het tot 'n beperkte aanbod op die plaaslike mark. Suid-Afrika voer beesvleis hoofsaaklik uit Namibië en Botswana in, maar teen einde 2017 het invoere slegs 2% van alle voorraad verteenwoordig. Goeie reën is aan die einde van die somer in 2017 ontvang, wat sal help met die herstel van huidige kuddegetalle. Dit kan egter tot vyf jaar duur voordat die nasionale kudde weer opgebou is tot voormalige vlakke.

Verbruik

Verbruik is redelik stagnant en het die afgelope vier tot vyf jaar slegs beskeie groei getoon, aangesien beesvleis oor die algemeen duurder is as sekere ander vleistipes. Voorts

neem vleisverbruik gewoonlik toe in verhouding tot per capita inkomste. Soos dinge nou staan, groei Suid-Afrika se ekonomie teen 'n uiters beskeie tempo, en verbruikers bly onder druk. Die jongste BTW-verhoging het ook die verbruiker onder verdere druk geplaas en het gelei tot 'n toename in vleis- en vleisprodukpryse. Beesvleispryse is tans op 'n rekordhoogte weens boere wat hul kuddes herbou. Beesvleis ervaar ook verhoogde mededinging van goedkoper proteïenbronne, byvoorbeeld pluimvee en vark. Plaaslike vleisuitvoere het die afgelope paar jaar toegeneem, met die verswakkende rand wat die vraag na Suid-Afrikaanse beesvleis ondersteun. Suid-Afrika se beheer van bek-en-klouseer het bygedra tot verhoogde uitvoere. Die listeriose-uitbraak kan egter die huidige beesvleisverbruik negatief beïnvloed indien varkpryse op lae vlakke bly.

Handel

Suid-Afrika voer jaarliks meer as 300 000 beeste uit Namibië in, met 'n totaal van 313 401 wat gedurende 2017 uit Namibië ingevoer is. Die onlangse uitbraak van bek-en-klouseer het egter tot 'n afname in invoere gelei.

Dit, sowel as die droogte, het gelei tot 'n beperkte aanbod op die plaaslike mark. Daarbenewens sal strenger regulasies betreffende die invoer van Namibiese beesvleis, soos die naspeurbaarheid van koeie en onveilige broeipraktyke, op die lang termyn 'n negatiewe uitwerking op voorraadvlakke hê.

Grafiek 8: SA mielie (links), speenkalwer en Klas-A pryse (regs)



Daar word verwag dat Suid-Afrika die volgende jaar meer vleis van Botswana sal invoer, aangesien die land 'n groot ooraanbod ervaar.

Lae ekonomiese groei en verhoogde rooivleispryse sal waarskynlik die verbruik van goedkoper vleis, soos hoender, ondersteun. Dit, sowel as verhoogde invoere uit Botswana, sal 'n uitwerking op die vraag na rooivleis hê.

Pryse

Die droogte het 'n aansienlike toename in rooivleispryse tot gevolg gehad. Voermarges was positief vir die grootste deel van 2017 danksy lae voerkoste, wat die gevolg was van laer graanpryse (*sien Grafiek 8*). Gedurende hierdie tydperk het die bedryf sy beste marges in 10 jaar behaal. Dit het die impak van verliese versag wat gedurende 2016 gely is.

Mielies is een van die grootste kostefaktore in voerkrale. As sodanig het die laer mielieprys die kostedruk op voerkrale verminder. Die gemiddelde prys van speenkalwers in 2017 was R32,24/kg. Dit is die hoogste gemiddelde jaarlikse prys op rekord, en is 58% hoër as die gemiddelde prys in 2016.

'n Gebrek aan kwaliteit speenkalwers het vir die grootste gedeelte van die jaar plaaslike veepryse ondersteun, met pryse vir klas A-beesvleiskarkasse wat in 2017rondom 21% gestyg het in vergelyking met die gemiddelde prys in 2016.

Vooruitsig

Veepryse het die afgelope jaar aansienlik toegeneem, en die pryse van speenkalwers het rekordvlakke bereik weens die sterk vraag en beperkte aanbod. Die laer voerprys en beperkte aanbod as gevolg van die heropbou van kuddes sal op die medium termyn hoë karkaspryse tot gevolg hê.

Skaapvleis

Karabo Takadi, Wessel Lemmer en Pieter de Jager

Internasionaal

China is die wêreld se grootste produsent, verbruiker en invoerder van skaapvleis. Die uitvoermark is baie gekonsentreerd en word tans oorheers deur Australië en Nieu-Seeland, wat ook die tweede en derde grootste skaapprodusente ter wêreld is.

Produksie in hierdie twee lande het in 2017 marginaal gedaal, alhoewel droër toestande in Australië gedurende die 2017/2018-seisoen gelei het tot hoër slagsyfers.

Hoë pryse vir skaapvleis sal na verwagting voortduur. Nieu-Seeland se kuddegetalle sal na verwagting verder daal. Gunstige teel- en lamsomstandighede gedurende 2017 sal na verwagting in 2018 die aanbod op die globale mark marginaal verhoog. Die aanbod sal egter relatief laag bly, wat pryse sal ondersteun (*sien Grafiek 9*).

Verbruik

China was die wêreld se grootste invoerder van skaapvleis in 2017. Verbruik hier sal na verwagting sterk bly in die komende jare, wat grootliks deur die groeiende middelklas gedryf sal word.

China se vraag na invoerekan wisselvallig wees, en word dikwels beïnvloed deur binnelandse produksie, wat volgens berigte in 2017 afgeneem het.

Die moderne kleinhandelsektor en die hotel- en restaurantbedrywe kan ook bydra tot die toename in die vraag na skaapvleis. Daar word ook verwag dat wêreldwye verbruik sal styg, veral in ontwikkelende lande.

Skaapvleis sal in die meeste lande 'n nismark bly, ondanks 'n groei van 8% per capita in die volgende 10 jaar, wat hoofsaaklik in China en ander Asiatiese lande ervaar sal word.

Handel

Nieu-Seeland en Australië produseer 72% van die wêreld se totale uitvoere. Van 2007 tot 2017 het Nieu-Seeland se uitvoere met 15% gedaal toe baie skaapboerderye omskep is in melkerye. Nieu-Seeland se skaapvleisproduksie sal na verwagting in 2018/2019 stabiliseer en die land sal voortgaan om sterk mee te ding met Australië.

Pryse

Die toekoms lyk belowend vir skaapproduksie, met rekordhoë pryse vir wol, lam en skaapvleis. Beperkte aanbod op die globale mark sal na verwagting voortgaan om pryse in 2018 te ondersteun. Intussen sal die globale vraag na verwagting verbeter.

In 2017 was die Australiese pryse vir skaapvleis die eerste om te styg, gevolg deur Nieu-Seeland. Australië se pryse het goed gevaar gedurende 2017 en sal na verwagting in 2018 sterk bly. 'n Daling in die pryse van ander proteïenbronne kan egter 'n bedreiging vir lam- en skaapvleis inhou. Die vraag na Nieu-Seelandse skaapvleis sal na verwagting sterk bly as gevolg van laer produksie in daardie land. Die toename in globale vraag en beperkte

voorsiening sal na verwagting produsentepryse ondersteun.

Plaaslik

Gedurende 2015/2016 het groot dele van Suid-Afrika droogte ervaar, wat gelei het tot die grootskaalse likwidasie van die nasionale kudde. Goeie reënval gedurende 2016/2017 en verbeterde weiding het die herbou van kuddes moontlik gemaak. Aangesien 'n aansienlike hoeveelheid skape tydens die droogte geslag is, ervaar die plaaslike mark tans voorsieningstekorte, met 9% minder skape wat in 2017 geslag is in vergelyking met 2016.

In Maart 2018 is daar ook minder skape aan abattoirs gestuur. Skaapgetalle het drasties gedaal weens die volgehoue droogte in groot dele van die Karoo, sowel as roof- en veediefstal. Produsente in Ermelo, Mpumalanga, het na verwagting skaapproduksie verlaat weens verhoogde diefstal.

As gevolg van die droogte het die konsepsiesyfer van ooie afgeneem van ongeveer 95% tot sowat 70%. Daarom is produksie sedert 2016 aan die agteruitgaan.

Suid-Afrikaanse skaapboerdery is gekonsentreer in die Noord- en Oos-Kaap, Wes-Kaap, Vrystaat en Mpumalanga. Alhoewel goeie reën in baie dele van die land gedurende 2017/2018 geval het, was daar dele in die noordelike en suidelike dele van die Karoo wat min of geen reën gehad het nie.

Die beskikbaarheid van ooie van enige ras is tans baie beperk en, indien beskikbaar, is die ooie ook baie duur. Onproduktiewe ooie is ook reeds verkoop, wat tot minder aanbod op die mark lei. Produsente sal waarskynlik ooi-lammers terughou om kuddes te herbou, wat kan lei tot 'n verdere afname in slaggetalle.

Produksie sal dus afneem oor die kort tot medium termyn. As gevolg daarvan sal pryse hoog bly.

Boere sal waarskynlik onder finansiële druk verkeer vir die volgende 10 tot 12 maande, selfs al word goeie reën aangeteken, omdat kuddes herbou moet word.

Die laer mielieprys in 2017 het gelei tot 'n afname in voerkoste. Dit, tesame met hoë vleispryse, het tot groter winsgewendheid vir produsente gelei.

Verbruik

Lam- en skaapvleis bly die duurste tipe vleis op die mark. As sodanig kan verbruikersweestand teen hoër pryse die prysrisiko verhoog. Van 2016 tot 2017 het verbruik ongeveer 3% gedaal. Dit is die gevolg van stygende skaap- en lamvleispryse, herbouing van kuddes, en laer voorraadvlakke.

Handel

Suid-Afrika is 'n netto invoerder van skaapvleis, aangesien dit veel meer invoer as wat dit uitvoer. Die land kan nie aan die plaaslike vraag voldoen nie, en sal dus voortgaan om op invoere staat te maak.

Pryse

Die gemiddelde klas A-karkasprys vir lam het vanaf 2016 tot 2017 met 23% toegeneem (*sien Grafiek 10*). Dit was hoofsaaklik

Grafiek 9: Globale skaapvleisproduksie ('000t) en pryse (regs)



Grafiek 10: SA skaapvleisproduksie (t) en pryse (regs)



te wyte aan die impak van die droogte. Lam- en skaappryse het in 2017 'n rekordhoogte behaal en bly steeds op hoë vlakke. Langtermyntendense toon dat lam- en skaappryse die afgelope dekade geleidelik toegeneem het.

Die gemiddelde prys vir stoorlammers het vanaf 2016 tot 2017 met 25% toegeneem.

Voermarges was ook positief vir die grootste deel van 2017 danksy laer voerkoste, wat die gevolg was van laer graanpryse.

Produsente kry tans goeie opbrengste in terme van hoë vleispryse, asook 'n toename in die wolprys. Merino-boere verdien ongeveer twee-derdes van hul inkomste uit vleis, en die hoë wolprys het hul winsgewendheid dus verbeter.

Vooruitsig

Daar is aanduidings dat winsmarges vir skaapvoerkrale onder druk is weens die verbruikersweerstand teen hoë kleinhandelpryse, terwyl die hoër pryse vir vetlammers die langtermynwinsgewendheid van voerkrale negatief affekteeer. Die bedryf sal egter voortgaan om voordeel te trek uit hoë vleis- en wolpryse. Daar word ook verwag dat beperkte voorraad rooivleispryse sal ondersteun.

Daar word aanbeveel dat produsente hul skuldvlakke oor die volgende twee tot drie jaar verminder terwyl pryse steeds hoog en gunstig is om op die lang termyn volhoubaar te wees.

Biosekuriteitsbestuur moet gehandhaaf word om die uitvoermark vir wol te verseker.

Produsente moet ook oorweeg om te teel met diere wat beter weerstand bied teen ongunstige omgewingsfaktore.

Varkvleis

Karabo Takadi, Mbali Nyembe en Marius Bosman

Internasionaal

Globale produksie sal na verwagting in 2018 toeneem as gevolg van groei in China, die VSA en die EU (*sien Grafiek 11*). Robuuste vraag en gunstige pryse gedurende 2017, sowel as verdere verwagtinge vir groei, dryf uitbreiding in varkproduksie regoor die wêreld. Groot belegging in die bedryf in China het gelei tot 'n groeiende aantal varke, wat produksiegroei ondersteun het. Intussen kan onlangse uitbrake van Afrika-varkgriep in China lei tot 'n afname in produksie wat tot onsekerheid kan lei. Hoër varkslagsyfers en winste per karkas sal na verwagting lei tot verhoogde produksie in die VSA in 2018. Varkproduksie groei ook in Rusland, aangesien 'n verbod op invoere uit Brasilië die vraag na Russiese varkvleis versterk het.

Grafiek 11: Globale varkvleisproduksie ('000t) en pryse (regs)



Verbruik

Aangesien wêreldwye ekonomiese groei voortduur, word daar verwag dat toenemende verbruikersinkomste groei in varkvleisverbruik gedurende 2018 sal ondersteun, en sodoende gunstige produksie en verbruikstendense in die toekoms sal verseker. Verskeie groot invoerders van varkvleis sal egter gedurende 2018 druk ervaar as gevolg van groei in binnelandse produksie. Gelyktydige groei in produksie onder uitvoerders en verminderde vraag van top invoerders sal na verwagting in 2018 tot skerp kompetisie en laer pryse lei. Laer pryse sal waarskynlik verbruik verbeter.

Handel

Groei in China se produksie sal die vraag na ingevoerde varkvleis in die algemeen verminder, terwyl die oplegging van addisionele invoertariewe dit moeiliker sal maak vir Amerikaanse varkvleis om met ander verskaffers te kompeteer.

Moontlike tekorte in produksie in China weens die uitbraak van Afrika-varkgriep kan lei tot verhoogde uitvoer na China. Rusland sal na verwagting invoer verminder weens sy onlangse verbod op Brasiliaanse varkprodukte.

Die handelsbeleidaksies wat deur die VSA en ander lande geneem word, bring onsekerheid in die mark en bemoeilik handel. Terwyl die vooruitsig wys dat uitvoere gedurende 2018 sal groei, sal die mark teen laer pryse sluit. Globale uitvoere sal na raming met 1% toeneem in 2018, gedryf deur hoër aanvraag en laer varkpryse.

Pryse

Die globale varkbedryf sal na verwagting aanhou groei. Sterk vraag gedurende 2017 het karkaspryse hoër gedruk, terwyl relatief lae voedselpryse produsentemarges ondersteun het. Vanjaar word daar verwag dat marges sal daal namate voerpryse toeneem en voorraad vinniger styg as vraag.

Die impak van die handelsoorlog tussen China en die VSA kan markte omverwerp, terwyl dit 'n moontlike potensiaal vir produsente in Asië, Europa en Suid-Amerika kan skep. Potensiële tariewe op Amerikaanse sojabone voeg verdere kostedruk op Chinese produsente by. Toenemende aanbod in die EU kan ook druk op pryse uitoefen.

Die bedreiging van Afrika-varkkoors en die risiko vir uitvoere wat met daarmee geassosieer word, bly 'n risiko op die EU-mark. Brasiliaanse produsente sukkel steeds met swak varkpryse en hoër voerkoste.

Vooruitsig

Voldoende aanbod sal die mark ondersteun, maar produksiegroei in groot invoerlande en handelsontwrigtings veroorsaak egter groot risiko's vir uitvoerders. Terwyl handel steeds sal groei in 2018, word verwag dat verskeie van die wêreld se grootste kopers, waaronder China en Rusland, invoere sal verminder. Aangesien uitvoerders dus sukkel om hul markaandeel te behou of om nuwe geleenthede te ontgin, sal pryse teen die einde van 2018 waarskynlik daal.

Plaaslik

Die varkbedryf het sedert die tweede kwartaal van 2017 tekens van herstel en gunstige handelstoestande getoon, ná 'n uitdagende tydperk in 2015/16, wat rekord hoë voedselpryse en lae varkpryse gesien het.

Voerpryse het gedaal ná die rekord mielie-oes van 2016/17, aangesien geelmielieprys gedurende April 2017 van meer as R4 000/t (aangeteken in Januarie 2016) tot R2 100/t gedaal het. Varkpryse het ook gedurende hierdie tydperk verbeter.

Dié positiewe handelsomgewing het vroeg in 2018 voortgeduur.

Die bedryf het egter weer 'n terugslag ervaar toe Listeria-bakterieë op in Maart op 'n polonie wat deur Enterprise vervaardig is, ontdek is.

Die publiek is daarna aangeraai om alle verwerkte varkvleisprodukte te vermy. Dit het gelei tot 'n skerp daling in die verbruik van varkvleisprodukte wat 'n massiewe ooraanbod van varke op die plaaslike mark veroorsaak het.

Die vraag na varkvleis is ook negatief geaffekteer deur verbruikers wat vars varkvleis met verwerkte produkte soos polonie en viennas geassosieer het. Die effek was 'n daling in pryse vanaf 27,44/kg gedurende die eerste week van Maart tot 'n laagtepunt van R19,71/kg.

Handel

Ander Afrika-lande bly Suid-Afrika se grootste uitvoerbestemming vir varkvleisprodukte as gevolg van geografiese ligging, wat Suid-Afrika 'n mededingende voordeel bied ten opsigte van vervoerkoste.

Gedurende 2017 het meer as 86% van Suid-Afrika se totale varkuitvoere na Afrika-lande gegaan.

Suid-Afrika poog om 'n vastrapplek te kry in ander invoerlande soos Thailand, Viëtnam, Filippyne, Singapoer, Indië en China. Dus moet onderhandelings om bilaterale ooreenkomste met hierdie lande te bereik, geprioritiseer word om die winsgewendheid van die bedryf te verbeter.

Daar word beraam dat sowat 50% van Suid-Afrika se varkinvoere bestaan uit ribbetjies. Verbruik van die produk is hoog, en Suid-Afrika kan nie self aan plaaslike vraag voldoen nie.

Gedurende 2017 het Suid-Afrika die meeste van sy varkvleisinvoere (63,3%) van Duitsland en Spanje af ingevoer. Die meeste ingevoerde varkvleissnitte is onderhewig aan 'n invoertarief van 15%, of

'n minimum prys van $1,30/kg [ongeveer R20,21/kg]. Ribbetjies is egter die uitsondering, met geen invoertarief op die produk nie. Dit is hoofsaaklik te wyte aan Suid-Afrika se vryhandelsooreenkoms met die EU.

Pryse

Die listeriose uitbraak het gelei tot 'n merkbare afname in varkpryse.

Die huidige laer pryse sal na verwagting verkope verhoog en die varkbedryf 'n mededingende voordeel bied ten opsigte van ander vleis tipes (*sien Grafiek 12*). Dit sal dus varkvleispryse oor die kort tot medium termyn ondersteun.

Die onlangse bemarkings- en promosieveldtogte vir vars varkvleis by kleinhandelaars, wat deur die varkbedryf gedryf was, sal ook die vraag na vars varkprodukte verbeter en sodoende pryse verder ondersteun.

Biosekuriteit

Suid-Afrika het onlangs 'n uitbraak van Afrika-varkkoors ervaar. Die uitbraak was 'n geïsoleerde geval in Springbok in die Noord-Kaap, en het einde Mei plaasgevind. Geen ander plase was geraak nie, en besmette varke is van kant gemaak. 'n Groot uitbraak sal egter 'n ernstige uitwerking op Suid-Afrika se uitvoere hê, wat die sluiting van markte tot gevolg mag hê. Terwyl die siekte beheer wprd en geen ander gevalle aangemeld word nie, moet Suid-Afrikaanse produsente doeltreffende biosekuriteitstelsels implementeer om te verseker dat sulke siektes bekamp word. Dit is noodsaaklik om toegang tot meer uitvoermarkte te kry om die winsgewendheid van die bedryf te verseker.

Grafiek 12: SA varkvleispryse (R/kg) en prys verhouding (regs)



Grafiek 13: SA varkvleisproduksie (t) en pryse (regs)



Vooruitsig

Die vooruitsigte vir die plaaslike varkbedryf bly positief. Daar word verwag dat voerpryse gedurende die kort tot medium termyn laag sal bly, wat produsente sal help om insetkoste te bestuur.

Die prys van varkvleis sal na verwagting geleidelik toeneem as gevolg van sterk vraag, veral aangesien rolspelers aktief vars varkvleis bemark (*sien Grafiek 13*). Dit is moeilik om te voorspel watter uitwerking die listeriose-uitbraak op verbruikersbestedingspatrone sal hê, maar daar is reeds 'n aanduiding dat verbruikersvertroue herstel, al is dit stadig. Die beperkte aanbod van ander vleisbronne op die mark, as gevolg van produsente wat hul beeste en kleinvee kuddes herbou, sal na verwagting varkpryse ondersteun.

Pluimvee

Karabo Takadi en Karien Potgieter

Internasionaal

Die internasionale pluimveebedryf is goed voorsien, en daar word verwag dat produksie verder sal verbeter in 2018 hoofsaaklik as gevolg van uitbreiding in die VSA, Brasilië, Indië en die EU. Genoegsame voervoorraad teen relatief lae pryse het die herstel in produksie ondersteun.

Die toename in Amerikaanse en Brasiliaanse produksie is ook versterk deur die afwesigheid van hoogs patogeniese voëlgriep (HPAI) en beskeie globale verbruikersvraag. Intussen word die toename in produksie in die EU and Indië gedryf deur die stygende plaaslike verbruikersvraag. Na twee moeilike jare word daar nou verwag dat China se produksie effens sal verbeter weens pogings om HPAI-uitbrake te bekamp, afname in voerkoste en herstel van die binnelandse verbruikersvraag.

Oor die afgelope 10 jaar het die verbruik per capita met ongeveer 16% gestyg. Daar word verwag dat dit nog 5,5% oor die volgende dekade sal toeneem. Genoegsame voorraad van diereproteïene op die globale mark kan egter druk plaas op pluimveeverbruik oor die kort termyn. Die internasionale produksie van diereproteïene is aan die toeneem, en die toenemende kompetisie tussen verskillende soorte proteïene, sowel as tussen uitvoerders vir toegang tot bestemmings, bly 'n faktor.

Handel

Die internasionale pluimveebedryf is wisselvallig weens baie ontwikkelings, wat op die lang termyn 'n impak sal hê op die handel. Die Brasiliaanse vragmotorbestuurders se staking in Brasilië wat tot massiewe verliese gelei het, beperkings op EU-handel, Saoedi-Arabië se halaal-vereistes, die huidige NAFTA-onderhandelings, en die Chinese wat veiligheidsmaatreëls op die invoer van Brasiliaanse pluimvee implementeer, asook die toenemende handelspanning tussen die VSA en China, is van die faktore wat druk mag plaas op handel. Daar word verwag dat Brasilië meeste geraak sal word, wat waarskynlik tot 'n daling in produksie en uitvoere sal lei. Dit sal egter geleenthede vir ander uitvoerders bied.

Plaaslik

Oor die afgelope vyf jaar was plaaslike braaikuikenproduksie plat (*sien Grafiek 15*). Dit word toegeskryf aan die toename in produksiekoste, die daling in verbruikers se inkomste, en die invoer van vleisprodukte teen lae pryse, wat na 'n afname in verbruikersvraag vir plaaslike braaikuikenproduksie gelei het. Sowat 76,4% van voëls in die pluimveebedryf word vir vleis gebruik, terwyl die ander 23,6% vir eiers gebruik word. Gedurend Junie 2017 het die HPAI-uitbraak 'n baie negatiewe impak gehad op Suid-Afrika se pluimveebedryf, veral op lêhoenders, gehad. Die uitbraak het ook tot toename in produksiekoste gelei aangesien geaffekteerde produsente hul aantal hoenders moes verminder. Daar was dus 'n afname in produksie. Lêhoenders was veral erg geraak, en die afname

in die gemiddelde getal van eiers wat per week geproduseer was het tot 'n toename in eierpryse gelei. Die aantal nasionale hoenders het ook 6,6% verminder in 2017.

Die verbruik van wit vleis is aansienlik hoër as dié van rooivleis in Suid-Afrika aangesien wit vleis baie goedkoper is.

Die verbruikersvraag vir pluimvee sal dus na verwagting styg weens die hoë prys van rooivleis.

Die hoë rooivleisprys kan toegeskryf word aan die droogte wat tot die uitdunning van produsente se kuddes gelei het. Die swak ekonomiese toestande wat druk op verbruikers se koopkrag plaas, sal waarskynlik die verbruikersvraag vir hoendervleis en eiers beperk.

Grafiek 14: Globale pluimveeproduksie ('000t) en pryse (regs)



Handel

In 2017 het Suid-Afrika 523 481t hoendervleis ingevoer, slegs 0,8% minder j/j. Daar was 'n HPAI-uitbraak in die EU, een van Suid-Afrika se belangrikste voorsieners, en 'n handelsverbod is opgelê deur geaffekteerde lande. Brasilië was Suid-Afrika se belangrikste invoerland in 2017, met 60,6% van Suid-Afrika se totale invoere van pluimvee, gevolg deur die VSA met 15,6%. Kompetisie tussen die plaaslike pluimveebedryf en goedkoper ingevoerde pluimvee sal voortduur.

Suid-Afrika se uitvoer van pluimvee het 11% in 2017 gedaal, met meeste van die plaaslike produk uitgevoer na ander lande in Afrika. Die ontwikkeling van uitvoermarke is noodsaaklik vir kompetisie in die bedryf.

Pryse

Gegewe die verhouding tussen mielie- en voerpryse, was pluimveeprodusente gedurende 2015 en 2016 onder druk weens hoër insetpryse (*sien Grafiek 16*). Die afname in voerkoste en toename in braaikuikenpryse het tot 'n gunstige omgewing vir die bedryf en beter winsgewendheid gelei in 2017. Daar word verwag dat pluimveepryse sal toeneem in die medium en lang termyn, en dat hoër rooivleispryse waarskynlik pluimveepryse sal ondersteun. Die laer prys van

Grafiek 15: SA pluimveeproduksie (t) en pryse (regs)



Grafiek 16: SA braaikuikenprys (R/kg) en prysverhouding (regs)



varkvleis, en verbruikers se gebrek aan koopkrag, sal tot 'n negatiewe afwaartse tendens in die kort termyn lei. Die prys van geelmielies gaan na verwagting styg tot R2 644/t gedurend 2021. Toename in die mielieprys sal na toename in voerkoste lei. Die gemiddelde eierprys vir produsente was 17% hoer in 2017 in vergelyking met 2016. Eierproduksie het ook 7,1% in 2017 afgeneem in vergelyking met 2016. Die toename in omset as gevolg van hoër eierpryse sal produsente in staat stel om biosekuriteit te verbeter en hulle ook in staat te stel om hul aantal lêhoenders te verhoog deur persoonlike befondsing. Dit is waarskynlik dat eierprodusente wat nie deur die HPAI-uitbraak geaffekteer is nie, die kapasiteit van hul produksie sal uitbrei. Die rand het oor die afgelope weke verswak, en voorspellers verwag dat dit verder kan verswak. Die swakker rand sal tot 'n toename in invoerpryse lei. Dit sal waarskynlik beskerming aan plaaslike produsente aanbied.

Vooruitsig

Die laer voerpryse en hoër braaikuiken- en eierpryse sal die plaaslike pluimveebedryf ondersteun. Dit sal dus winsgewendheid verbeter. Dit word verwag dat graanpryse sywaarts sal verhandel, wat voerpryse laag sal hou.

Nogtans word die bedryf egter voortdurend bedreig deur potensiële HPAI-uitbrake, en streng biosekuriteitsmaatreëls moet dus geïmplementeer word. 'n Afname in ingevoerde hoendervleis word verwag soos wat die rand verder verswak, terwyl hoë-koste pluimveeprodukte toenemend sal baatvind by uitvoere. Verbruikers se koopkrag word deur hoë kostes soos die brandstof- en BTW-verhogings benadeel, maar wit vleis bly die goedkoper proteïen op die mark, wat waarskynlik verbruik sal ondersteun.

Suiwel

Conce Moraba en Wessel Lemmer

Internasionaal

Die toeneming van produksie in die wêreld se grootste melkproduserende streke, die EU, VSA, Nieu-Seeland, Argentinië, Australië, Uruguay en Brasilië, het jaar-op-jaar (j/j) staties gebly, en produksie-uitset was laer as verwag. Dit het tot prysstygings van spesifieke produkte in sekere lande in die eerste helfte van 2018 gelei. Globale pryse van botter en kaas het verbeter as gevolg van verhoogde verbruikersvraag en laer bottervoorraad. Verbetering van verbruikersvraag in Indië, die wêreld se grootste verbruiker van suiwelprodukte, sal aanhou plaasvind. Dit sal gedryf word deur 'n verskuiwing in verbruikersvoorkeur vir verpakte produkte, soos voorafverpakte melk en suurmelk, sowel as die gewildheid van waarde-toegevoegde suiwelprodukte soos joghurt, kaas en UHT-melk. Die voorraad van afgeroomde melkpoeier bly steeds hoog, maar beperk egter prysstygings van ander suiwelprodukte. Die Amerika-China-handelsoorlog en *Mycoplasma bovis* in Nieu-Seeland mag dalk 'n risiko vir die globale suiwelbedryf inhou.

Produksie

Vogtige toestande in April, gevolg deur ernstige koue gedurende Mei, het 'n negatiewe uitwerking gehad op die weidingseisoen oor groot dele van Europa. As gevolg van die ongunstige weer, sal produksie in die EU na verwagting slegs 1,5% j/j styg. Die pryse van suiwelkommoditeite in die EU sal toeneem tot die tweede helfte van 2018 en 2019, wat waarskynlik beter plaashekpryse sal ondersteun. Botterpryse hou ook aan om te styg weens beperkte voorraad.

Produksie in die VSA sal na verwagting toeneem, maar teen 'n laer koers in vergelyking met die vorige jaar. Melkuitset het j/j weens ongunstige weer afgeneem, wat na laer winsgewendheid gelei het. Die Amerikaanse kudde het in die eerste vier maande van 2018 gedaal, en meer uitdunning word later in 2018 verwag. Voortdurende droogtoestande sal tot beperkte voerbeskikbaarheid lei, wat hoër voerpryse sal ondersteun. Daar word verwag dat melkpryse in die VSA sal styg, maar hoër voerkoste kan egter enige verhogings beperk.

Ten spyte van uitdagende omstandighede, het melkproduksie in Nieu-Seeland goed herstel in 2017/2018, en dit word verwag dat die uitset hierdie jaar sal ooreenstem met die 21,4 miljoen liter geproduseer die vorige jaar. Die nuwe seisoen se melkproduksie, wat op 1 Junie 2018 begin het, het op die agtervoet begin toe Nieu-Seeland se regering 'n uitroeiingsprogram van die siekte *Mycoplasma bovis* aangekondig het. Dit sal tot die uitdunning van sowat 126 000 koeie van 2019 tot 2020 lei. Produsente wat geraak word kan egter besluit wanneer om hul kuddes uit te dun. Dit is dus onwaarskynlik dat produksie op die kort termyn sal verminder. Daar word verwag dat produksie in Nieu-Seeland 2% j/j sal verbeter.

Groter winsgewendheid, die hoër melkprys, voldoende voervoorraad en gunstige weer sal 'n styging in produksie ondersteun. Daar word ook verwag dat uitvoere 2% j/j sal styg. Melkproduksie in Australië het 3,5% j/j verbeter, ten spyte van droogtoestande in sommige van die noordelike dele van die land. Toenemende verbruikersvraag na volvetprodukte sal produksie ondersteun. Die vragmotorbestuurderstaking in Brasilië in 2018, wat ook die 'dieselkrisis' genoem word, het daartoe gelei dat groot snelweë in die land geblokkeer was, wat logistiek geraak het. Vragmotors is onbeweeglik gelaat en het melkversamelroetes ontwrig, terwyl verwerkingsaanlegte minder melk ontvang het, met sommige berigte dat hulle 90% minder in Mei ontvang het as wat verwag was, en vragmotoreienaars kon nie brandstof kry nie. Hierdie ontwrigting het daartoe gelei dat produsente hul melk stort, wat tot verliese vir hulle en verwerkers gelei het. Nogtans word daar verwag dat pryse sal toeneem gedurende die tweede helfte van 2018. Melkproduksie in Argentinië het 4% gedurende die tweede kwartaal van 2018 verbeter, ten spyte van die droogte wat vroeër die jaar ervaar was. Verhoogde plaashekpryse het hoër melkproduksie ondersteun. Voerpryse sal egter waarskynlik styg weens ongunstige weerstoestande en hul impak op gewasproduksie. Dit sal dalk tot 'n afname in produksie in die tweede helfte van 2018 lei.

Verbruikersvraag is tot dusver in 2018 positief, maar hoë inflasiekoerse kan egter verbruikersaptyt vir besteding beïnvloed. Hoër oliepryse, wat na 'n toename in insetkoste, sowel as laer besteebare inkomste vir verbruikers in olie-invoerlande sal lei, is een van die faktore wat wêreldwye suiwelpryse in die toekoms kan beïnvloed. Die EU se besluit om afgeroomde melkpoeier-aandele te verminder mag dalk in die toekoms globale pryse ondersteun. China is besig om nasionale voedselveiligheidstandaarde vir rou, gesteriliseerde, UHT, gepasteuriseerde en gemodifiseerde melk te hersien. Dit mag dalk 'n impak hê op China se invoer van heelmelkpoeier.

Plaaslik

Plaaslike melkproduksie het 4% j/j toegeneem in 2017 namate laer voerpryse tot 'n positiewe melk:voerprys verhouding gelei het. Die opwaartse neiging in produksie en beperkte verbruikersvraag het tot laer melkpryse vanaf Mei 2018 gelei.

Die aantal suiwelboere bly daal, met gemiddeld 400 boere wat die bedryf elke jaar verlaat. Suid-Afrika het tans slegs sowat 1 300 suiwelprodusente oor. Ten spyte daarvan, het produksie die afgelope paar jaar toegeneem. Gedurend Junie 2018 was die binnelandse produsenteprys ongeveer R4,25/ℓ. Selfs teen hierdie prysvlak sal sommige melkprodusente op die kus steeds 'n wins behaal.

Grafiek 17: Suiwel-produsenteprys van sekere lande (USc/ℓ)



Grafiek 18: SA suiwelproduksie, verbruik (ℓ) en prystendense (regs)



Pryse

Die melk:voerprys verhouding het met tussen 1,7:1 en 1,8:1 vanaf Mei 2017 tot April 2018 toegeneem. Dit het produksie ondersteun, aangesien melkpryse hoër en graanpryse relatief laer was in verlyking met die vorige jaar. Die invoer van melk in 2017 was hoër as in 2016. Hierdie tendens sal voortduur in 2018, met invoere wat gedurende die eerste vier maande van die jaar uitvoere reeds met 15 miljoen liter oorskry het. Toenemende invoere, en hoër plaaslike produksie, oorskry tans verbruikersvraag, wat tot laer pryse lei. Die prysverlaging in Mei het daartoe gelei dat die melk:voerprys verhouding tot 1,5:1 gedaal het. Sou melkpryse aanhou afneem, mag die melk:voerprys verhouding dalk verminder tot 1,4:1. Die breekpunt vir die melk:voerprys verhouding is tussen 1,3:1 en 1,4:1.

Uitdagings

Laer melkpryse en winsgrense het produsentevertroue 'n knou gegee, ten spyte van laer voerpryse. Produksiekoste bly hoog. Goedkoper UHT-melk invoere bly 'n bedreiging, en die bedryf benodig 'n invoertarief om die impak van die invoere te versag. Terwyl die invoer van UHT-melk uit lande soos Pole goedkoper is, is die kwaliteit vergelykbaar met die plaaslike UHT-produk. Die beskikbaarheid van kopers vir binnelandse melk bly 'n bron van kommer, aangesien die aantal kopers steeds daal. Die konsolidasie van kopers in die mark verminder kompetisie en lei tot verhoogde risiko vir die produsent. Produsente en verwerkers van vars melk is onder druk weens die laer verbruikersvraag na vars melk.

Vooruitsig

Laer graanpryse, die verswakking van die rand teenoor ander groot geldeenhede, en hoër globale suiwelprodukpryse sal voortduur om melkpryse onderliggend te ondersteun.

Wol

Conce Moraba, Lizanne Herselman en Jer Nortje

Internasionaal

Internasionale wolproduksie sal as gevolg van 'n afname in kuddegetalle onder druk bly. Dit kan toegeskryf word aan die droogte in Suid-Afrika en Australië gedurende 2015/2016.

Australië het in 2017 rekord-hoë pryse bereik, en hierdie tendens is in 2018 voorgesit, met die wol-'supersiklus' nou in sy derde jaar. Produsente in Australië, die wêreld se grootste wolprodusent, het produksie afgeskaal as gevolg van die droogte en hoër skaap- en beesvleispryse.

Voorraad op die internasionale mark is tans op die laagste vlak in 70 jaar. Die vooruitsig vir ekonomiese groei in die belangrikste wolverbruikerslande bly positief, wat onderliggende ondersteuning vir aanvraaag en pryse van Merino en breër woltipes. Verbuikersvertroue in die VSA, EU, Japan en China het die hoogste vlak in jare bereik, wat na verwagting tot hoër verbruikersbesteding aanleiding sal gee. Die groeiende middelklas in China, die wêreld se grootste wolverbruiker, is net so groot soos die totale Amerikaanse bevolking, wat goeie vooruitsigte vir 'n toename in internasionale wolverbruik inhou. Die toename van verkope in die kleinhandel-kleremark en verbeterde verbruikersvertroue in China onderlê pryse.

Die VSA, een van die wêreld se drie grootste wolverbuikerslande, maak op invoere staat om in plaaslike aanvraag te voorsien, en die aanvraag vir sportklere en babaklere wat wolvesels bevat sal waarskynlik voortgehoue groei ondersteun.

Die premie op fynwol verhandel tans hoër as die gemiddeld vir die afgelope 10 jaar, en 'n marginale toename in voorsiening, sowel as positiewe aanvraag, sal in die medium termyn die toon vir die mark aangee. Faktore soos hoër katoenpryse en stygende pryse van olie en sintetiese vesel sal na verwagting 'n invloed op tekstiel- en veselmarkte hê.

Grafiek 19: Wolproduksie (t) [skoon wol ekwivalent]



Plaaslik

Suid-Afrika se wolbedryf het oor die afgelope twee jaar besonder goed gevaar. Die markaanwyser het 25% hoër afgeskop in 2017/2018 in vergelyking met die vorige seisoen. Die wolprys het gedurende 2017 'n volgehoue sywaartse toename getoon, wat aan die einde van die seisoen 39% hoër gelsuit het as die 2016-seisoen. Die mark het op 'n rekord-hoë vlak van R211/kg (skoon) gesluit. Internasionale en plaaslike aanvraag vir goeie-kwaliteit, langvesel en fyner wol het aanhou verbeter en het produksievlakke oorskry.

Die rand wat tans verswak sal die winsgewendheid van uitvoere ondersteun. Toenemende aanvraag vir top-kwaliteit en fyner wol, ten spyte van beperkte voorraad, ondersteun ook hoë pryse.

Produksie toon tans 'n afwaartse neiging wat saamhang met die groot afname in nasionale skaapgetalle. Aangesien kuddes weer opgebou word, sal plaaslike voorsiening beperk bly. Die Oos-Kaap is Suid-Afrika se grootste wolproduseerder en word deur die Vrystaat en die Wes-Kaap gevolg. Die Bolandstreek, asook Ermelo en Standerton in Mpumalanga, was voorheen Suid-Afrika se vernaamste wolproduserende streke. Toenemende diefstal, verstedeliking en die uitbreiding van die mynbedryf het egter daartoe aanleiding gegee dat wolproduksie in hierdie gebiede afgeneem het.

Caledon in die Wes-Kaap het hierdie seisoen die meeste wol per streek geproduseer. Gedurende die 2017/2018 veilingseisoen het die Oos-Kaap en die Noord-Kaap die hoogste gemiddelde waarde per baal behaal, teen R15 000.

Pryse

Die positiewe sentiment op die internasionale mark het gelei tot 'n rekord-hoë prysvlak van R201,36/kg vir kwaliteit, skoon fynwol. Die gemiddelde prys vir die 2017/2018 seisoen was R184,56/kg. Daar is groeiende vraag na langer wolvesels, spesifiek vanaf die mark vir werkuniforms. Daarom word produsente aangemoedig om vas te stel wat die verskil in prys sal wees tussen inkomste gegenereer uit wol wat op ses maande geskeer word, in teenstelling met wol wat onderskeidelik op agt, 10 en 12 maande geskeer word. Die skielike toename in vraag vir langer wolvesels sal na verwagting meestal van China af kom. Daar word verwag dat nuwe bestellings vir werkuniforms in die 2018/2019-seisoen sal lei tot baie hoë aanvraag vir wol van tussen 20,5 en 22 mikron.

Risiko's vir die bedryf

Aangesien daar oorvloedige voorraad breë mikronwol op die globale mark is wat lei tot lae pryse, word produsente aangeraai om minder of geen wol te produseer in hierdie kategorie. Daarbenewens sal toenemende produksie in die Verenigde Koninkryk en Nieu-Seeland verdere druk op pryse plaas. Biosekuriteitsrisiko's

Grafiek 20: SA wolproduksie (t) en prystendense (R/kg) [regs]



Grafiek 21: Pryse van verskillende vesels (USc/lb) en ruolieprys (regs)



en dieresiekte-uitbrake van Slenkdalkoors en bek-en-klouseer moet onder meer beheer gebring word, aangesien dit 'n negatiewe uitwerking op Suid-Afrika se uitvoerpotensiaal kan hê.

Die land het slegs kapasiteit om sowat 30% van die wol wat hier geproduseer word te verwerk, en uitvoere is dus krities.

China, wat jaarliks tot 70% van Suid-Afrika se wolproduksie aankoop, se skuld- en kredietrisiko kan 'n bedreiging vir die uitvoer van Suid-Afrikaanse wol inhou. China het tans die hoogste skuld in die wêreld, met skuldvlakke teen 227% van BBP. Onsekerheid in hierdie mark kan dus 'n groot impak hê op Suid-Afrika se woluitvoere. Daarbenewens skep die handelsoorlog tussen die VSA en China baie volatiliteit.

Predasie en verstedeliking bly bedreigings vir Suid-Afrika se wolbedryf. Boere word ook aangeraai om te verseker dat skeerders korrekte en etiese praktyke volg wanneer diere hanteer word om die integriteit van die bedryf te beskerm en terugslae van negatiewe mediaberigte te vermy.

Vooruitsig

Die vraag na wol in China, die Tsjeggiese Republiek en Indië sal binnelandse wolpryse ondersteun. Aanbod op die plaaslike mark is steeds beperk as gevolg van die herbou van kuddes, asook hoë skaapvleispryse wat meeding met wolproduksie. Wolpryse op die wêreldmark verhandel tans teen sewe maal die prys van katoen, in vergelyking met die tradisionele wol-katoenverhouding van tussen 3:1 en 4:1. Wol word beskou as 'n meer waardevolle vesel in vergelyking met katoen, poliëster, akriel en nylon. Die laer wisselkoers en groei in vraag, wat tans aanbod oorskry, sal waarskynlik pryse in die toekoms ondersteun.

Daar word verwag dat positiewe sentiment sal voortduur, wat die wolbedryf in staat sal stel om 'n toename van 50% in produksie te absorbeer sonder dat dit 'n negatiewe invloed op pryse sal hê.

Sybokhaar

Conce Moraba, Wessel Lemmer en Marvin Khaile

Grafiek 22: Sybokhaarprys in rand (links) en VSA$ (regs)



Grafiek 23: SA sybokhaarproduksie (kg/miljoen) en bokkuddesyfers (miljoen) [regs]



Oorsig

Suid-Afrika produseer en verwerk onderskeidelik 54% en 70% van die wêreld se sybokhaar, wat dit die grootste vervaardiger van hierdie kommoditeit maak. Terwyl die produksie vir 2017 op 2,4 miljoen kilogram geskat word, word daar verwag dat dit sal afneem in 2018 en 2019 as gevolg van voortslepende droë toestande in Suid-Afrika se vernaamste produksiestreke.

Gedurende die onlangse winterseisoen het aanvraag en pryse goed gevaar, met pryse wat op R233,94/kg gesluit het, wat 26% hoër was as die 2016-winterseisoen se sluitingsprys. Sterk kompetisie tussen kopers en 'n swakker rand het die sybokhaarpryse ondersteun, terwyl daar verwag word dat stygende aanvraag vir sybokhaarprodukte in China en Italië sal aanhou om pryse te ondersteun.

Die internasionale modetendens, wat aandring op omgewingsvriendelike, volhoubare, natuurlike vesels wat eties vervaardig is, bied sybokhaarprodukte 'n voordeel bo sintetiese vesels.

Vooruitsig

Daar word verwag dat pryse in die langtermyn bogemiddeld sal bly as gevolg van die droogte wat produksievolumes beperk.

Na aanleiding van stygende verbruikersbewustheid met betrekking tot dierewelsyn en kommer oor die omgewing, word plaaslike produsente aangemoedig om by die riglyne vir volhoubaarheid en die etiese behandeling van diere te hou.

Daar word verwag dat aanvraag sal verbeter aangesien verbruikersvertroue in China die hoogste vlak in jare bereik het, wat verbruikersbesteding aanmoedig. China bly die wêreld se grootste sybokhaar-invoerder, gevolg deur Italië en Japan.

'n Swakker rand, laer produksie, verbeterde internasionale ekonomiese groei en internasionale vraag vir natuurlike vesels sal ook produksie en pryse ondersteun.

Suiker

Rikasha Ramburan en Deon van Wyk

Internasionaal

Internasionale suikerproduksie behels die verbouing van beide suikerriet en suikerbeet. Die droogte in 2015/2016 het tot 'n beduidende afname in produksie gelei. Verbruik het egter van ongeveer 165 miljoen ton in 2013/2014 toegeneem tot 'n beraamde 174 miljoen ton tans.

Verbruik neem egter teen 'n stadiger pas toe as gevolg van veranderinge wat in verbruikers se leefstylgewoontes plaasvind. Ten spyte hiervan is produksie besig om geleidelik te styg, en daar word verwag dat daar in die 2018-bemarkingseisoen 188 miljoen ton geproduseer sal word.

Thailand en Indië, twee van die wêreld se grootste produsente, het rekord-hoë produksievlakke bereik. Terwyl Indië se verbruik ook tot rekordvlakke gestyg het, word daar verwag dat die land se uitvoere sal verdriedubbel tot ses miljoen ton.

Daar word verwag dat Thailand 14,1 miljoen ton sal produseer, waarvan 78% uitgevoer sal word. Intussen kan die voorraadstapeling van etanol en dalende pryse in Brasilië daartoe aanleiding gee dat produseerders meer van die oes in suiker sal verwerk, wat tot groter aanbod op die wêreldmark sal lei. Brasilië voer gemiddeld 30 miljoen ton suiker uit. Daar word verwag dat die internasionale suikeroorskot 'n algehele hoogste vlak van 49,6 miljoen ton sal bereik.

Produksie

Daar word verwag dat produksievlakke op die lang termyn aanvraag ver sal oorskry, en behalwe as 'n weerverwante gebeurtenis produksie beïnvloed, sal die wêreld 'n lang periode van hoë voorraadvlakke betree. Daar word daarom verwag dat pryse onder druk sal bly. Produsente in die Noordelike Halfrond is ook besig om die tegnologie wat vir suikerbeetproduksie gebruik word vinniger te verbeter as suikerrietprodusente. Dit is as gevolg van die verskil in die groeitydperk van hierdie oeste, en kan daartoe lei dat

Grafiek 24: SA suikerproduksie (in '000 ton) en produsenteprys (regs)



Grafiek 25: SA suikerproduksie, handel en prystendense (regs)

suikerbeetvariëteite wat hoër opbrengste lewer, vinniger geproduseer word.

Plaaslik

Plaaslike suikerrietproduksie is tans in 'n fase van herstel nadat die bedryf aansienlike verliese gely het gedurende die droogte wat groot gebiede van Suid-Afrika se suikerriet-produksie-streek geraak het. Gedurende 'n normale seisoen, soos wat laas in 2012/2013 ondervind is, produseer Suid-Afrika ongeveer 20 miljoen ton. Tydens die laagste punt gedurende die droogte van 2015/2016 is daar egter slegs 14,8 miljoen ton geproduseer, wat daartoe aanleiding gegee het dat produsente R1,9 biljoen in inkomste verloor het.

Produksie

Die oppervlak waar suikerriet aangeplant word het oor die afgelope paar jaar afgeneem. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat produsente slegs marginale wins maak, wat daartoe aanleiding gegee het dat hulle met gewasse van hoër waarde diversifiseer, en landbougrond omskep word vir kommersiële gebruik. Daar word verwag dat die implementering van die 'suikerbelasting' hierdie tendens sal versnel.

Vir die huidige seisoen word daar verwag dat produksievlakke van 18,9 miljoen ton bereik sal word, wat 'n 8,6% verhoging is in vergelyking met die vorige seisoen. Daar word verder verwag dat opbrengste verder sal verhoog in die komende seisoen soos wat produsente van die droogte herstel. Daarna word dit verwag dat produksie sal afneem soos wat die oppervlak vir suikerrietproduksie krimp. Die totale opbrengs sal dus na verwagting teen 2025 met ongeveer 600 000t val.

Pryse

Die openingsprys vir die 2018/2019-seisoen was R3 824/t 'RV' (verhaalbare waarde). Dit verteenwoordig 'n afname van

Grafiek 26: Wêreld suikerproduksie en produsentepryse VSA$/t (regs)



R363/t 'RV' in die finale 'RV'-prys vir die 2017/2018 seisoen. Die prysafname was die gevolg van hoër produksievolumes en 'n verlaging in die uitvoertarief gedurende Februarie 2017, wat gelei het tot hoër invoervolumes, 'n afname in plaaslike vraag, en 'n laer internasionale suikerprys. Die huidige 'RV'-prys is soortgelyk aan dit wat in 2015 ontvang is. Gedurende 2017/2018 het plaaslike produsente rofweg 22% van hulle plaaslike markaandeel verloor as gevolg van 'n oorskot van goedkoper ingevoerde suiker op die plaaslike mark. Omtrent 40% van totale plaaslike produksie is in 2017 uitgevoer. Om oor die lang termyn die ekonomiese volhoubaarheid van die bedryf te verseker, moet die invoertarief dringend hersien en verhoog word. 'n Voorlegging is in hierdie verband aan ITAC gemaak om die tarief van VSA$566/t (ongeveer R8 775) tot VSA$856/t (R13 21/t) te verhoog. Indien ITAC die tarief tot op die voorgestelde vlak verhoog, sal die 'RV'-prys moonlik ook tussen November 2018 en Februarie 2019 toeneem, te wyte aan hoë voorraadvlakke.

Aangesien verwag word dat plaaslike verbruik 'n effense afname sal toon, sal 'n verhoging van die tarief lei tot 'n verlaging van invoere en 'n styging in uitvoervolumes. Oor die afgelope drie seisoene word die plaaslike bedryf toenemend blootgestel aan die uitvoermark, en word plaaslike markaanvraag elke maand kunsmatig aangepas om oorskotte en die plaaslike 'RV'-prys te beheer. Die invoertarief wat in die laaste kwartaal van 2017 toegepas is, het tot 'n vermindering van invoere land aanleiding gegee.

Aangesien invoere plaaslike suiker verplaas, het die 'veronderstelde' prys gestyg en gestabiliseer soos wat invoere afgeneem het. Die 'veronderstelde' prys is in Maart vanjaar met 13% verlaag om plaaslike verkope te stimuleer. Die 'veronderstelde' prys vir 2017/2018 is R8 339/t, vergelyke met die prys van uitvoersuiker teen R4 702/t.

Aangesien invoere afgeneem het, word die plaaslike 'RV'-prys tans negatief beïnvloed deur hoë voorraadvlakke op die plaaslike mark. Sodra die oorskot in die kort tot medium termyn opgebruik word, sal die 'RV'-prys verbeter. Verbeterde tariefbeskerming sal ook 'n herhaling van 'n soortgelyke situasie in die toekoms verhoed, veral as die tendense van huidige internasionale suikerproduksie in ag geneem word.

Vooruitsig

Na verwagting sal die oppervlak waar suikerriet verbou word en produksie geleidelik afneem. Dit kan toegeskryf word aan die marginale winsvlakke van suikerriet tesame met invoerdruk.

Die implementering van die suikerbelasting sal na verwagting die vraag na suiker verlaag, en diversifikasie is geïdentifiseer as 'n kernoorweging om die volhaalbaarheid van die bedryf te verseker.

Katoen

Conce Moraba, Nico le Roux en JG Horn

Internasionaal

Internasionale katoenpryse was oor die algemeen postief gedurende 2018, met 'n groter styging in die meerderheid van die maatstafpryse gedurende die tweede helfte van 2018. Die 'Cotlook A'-indeks het tot sy hoogste vlak sedert Maart 2012 gestyg. Huidige hoë pryse word deur kommer oor internasionale produksie ondersteun, wat die gevolg is van droë toestande in die westelike gedeelte van Texas in die VSA, oesverliese as gevolg van peste in Indië, en deurlopende onsekerheid met betrekking tot handelsbeleid.

Internasionale produksie het in 2017/2018 met 15% gestyg in vergelyking met die vorige seisoen. Daar word egter verwag dat produksie met 3% sal daal, van 121,2 miljoen bale tot 120,4 miljoen bale in 2018/2019. Indië en China, die wêreld se grootste produseerders van katoen, sal na verwagting produksie verminder. Intussen word daar verwag dat internasionale verbruik sal aanhou verhoog tot en met 2018/2019.

Grafiek 27: SA katoenlint (t) en prys (R/kg) tendense (regs)



Verder is daar beduidende aanvraag vanuit Asië en Suid-Asië. Hoër verbruik, gekoppel aan laer produksie, sal aanleiding gee tot 'n afname in beskikbare oordragvoorraad, wat waarskynlik in die toekoms pryse sal ondersteun.

Die mees onlangse internasionale prysvolatiliteit spruit uit die Chinese mark, met China wat na beriggewing beplan om invoerkwotas in die nabye toekoms te verhoog. Daar is egter onsekerheid oor hoe eel die land sal invoer as gevolg van die voortslepende handelsoorlog met die VSA, wat die wêreld se grootste katoeninvoerder is.

Plaaslik

Laer mieliepryse het katoenproduksie ondersteun gedurende die 2017/2018 seisoen, aangesien katoen tans meer winsgewend is as die produksie van mielies en sonneblomsaad.

Katoen SA se sesde oesskatting vir die 2017/2018 seisoen het 'n 67% toename in droëland-katoenproduksie getoon, en 'n 168% toename in katoen onder besproeing.

Die geskatte produksie vir die seisoen het 187 528 bale beloop. Die bedryf verwag dat 19 570ha katoen onder besproeiing geplant sal word, terwyl 18 646ha in droëland-produksiegebiede geplant sal word.

Ten spyte van die toename in plaaslike produksie word daar verwag dat plaaslike katoenpryse stewig sal bly en deur hoër internasionale pryse ondersteun sal word, asook deur hoë pryse vir ander natuurlike vesels soos wol, 'n verswakkende wisselkoers, asook stygende aanvraag.

Die huidige kapasiteit by verwerkingsaanlegte is 162 000t, terwyl produksie op 102 158t staan. Die styging in plaaslike katoenproduksie sal invoere vervang.

'n Geïntegreerde poging om belangstelling in katoenproduksie aan te wakker

Die 'Sustainble Cotton Cluster' het Suid-Afrikaanse katoenproduksie laat herleef, en betrek alle belanghebbendes vanaf die plaas tot by die verbruiker. Die program betrek produseerders, verwerkers, spinners en bekende kleinhandelaars. Hierdie ooreenkoms verseker onder meer 'n stabiele prysraamwerk en mark vir produsente, asook vinnige terugvoer rakende modetendense. Dit verseker dat die bedryf plaaslik meer kompeterend is en sodoende werk skep.

Volgens Katoen SA, indien die bedryf slegs 25% van ingevoerde T-hemde, chinos, onderklere en handdoeke met plaaslike produkte kan vervang, sal die plaaslike katoenbedryf 35 000 werksgeleenthede kan skep. Een van die knelpunte wat die bedryf se groei beperk is die gebrek aan plaaslike verwerkingskapasiteit en infrastruktuur. In 2005 het Suid-Afrika 22 spinfabrieke gehad en nou is daar slegs vier oor.

Bosbou

Deon van Wyk

Die hout- en bosboubedryf bly een van die kommoditeite in die landbousektor wat konsekwent beter resultate lewer. Om daardie rede is dit dus een van die meer strategiese kommoditeite met beduidende bydraes tot die BBP, ekonomiese groei en werkverskaffing. Ongeveer 70% van hout wat geproduseer word, word uitgevoer, wat beteken die bedryf is blootgetel aan internationale tendense.

Internasionaal

Die gebruik van rondehout is nog steeds 1,3% laer as die vlakke wat voor die 2008 resessie bereik is. Daar word egter voorspel dat houtverbruik en aanvraag oor die kort termyn in Westerse lande sal styg. Hierdie tendens, sowel as die groei van die bedryf in ontwikkelende lande en 'n verwagte toename in energie–opwekking deur die gebruik van biomassa, sal daartoe lei dat internasionale houtverbruik sal styg tot by vlakke wat nog nie voorheen ondervind is nie. Hierdie styging in houtaanvraag op die wêreldmark sal saamval met langtermyn-vooruitskattings vir 'n afname in aanbod, wat 'n positiewe impak op internasionale houtpryse sal hê.

Plaaslik

Daar word verwag dat die vraag na houtpulp afkomstig van harder pulphout-spesies effens sal toeneem om tred te hou met die groei in kapasiteit van houtverwerkingsaanlegte. Terselfdertyd sal die vraag na houtpulp van sagter spesies afneem.

Die prys van hout sal deur die plaaslike inflasiekoers en die wisselkoers russen die rand en Amerikaanse dollar gedryf word.

Aanvraag vir gesaagde stompe sal deur die behuising- en konstruksiebedryf bepaal word, wat tans lae groei toon. Daarom word verwag dat die prys van groter stompe marginaal sal styg, terwyl die prys van kleiner stompe staties sal bly. Daar word verwag dat die aanvraag vir hout in die mynbedryf sal afneem, wat 'n marginale prysverhoging tot gevolg sal hê. Die produksie van behandelde pale sal egter by huidige vlakke bly, en die grootste geleenthede sal op die uitvoermark wees. Prysverhogings sal egter in lyn met die nasionale inflasiekoers wees.

Vooruitsig

Die houtbedryf is goed gevestig en het oor die afgelope paar jaar voordurende groei getoon.

Die bosbou-area is aan die afneem terwyl vraag toeneem.

Daar word verwag dat die internasionale verbruik van houtprodukte aansienlik sal groei, terwyl die aankoop van bosbouplantasies deur saagmeulens en ander verwekers ook waarskynlik sal toeneem om oor die medium en lang termyn beskibaarheid van ruwe materiaal vir verwerking te verseker.

Notas

AgriBusiness
AgriBesigheid

At Absa AgriBusiness, we know that the soil connects us. It is the lifeblood that surges through our communities, opening doors to a journey with endless possibilities for shared economic growth. From feeding to breeding, we have learnt to understand agriculture business and all its challenges as if it were our own. That's why we can offer banking products and services we know clients need.

As a partner in the agricultural environment for over 100 years, Absa has cultivated a wealth of experience and knowledge in developing tailored, world-class business solutions for all commodities in the sector. Farmers rely on us for strategic planning and the empowerment of farming communities, irrespective of the size. Our commitment to this crucial sector is clear. Whether we are stimulating the advancement of our country's flourishing wine industry or nurturing the crops that help feed millions, we make administering and managing your business easier.

When we make things easier for our farming communities, we invest in our own livelihoods and allow our economy to grow.

For more detailed information, please visit our website at www.absa.co.za

By Absa Agri-besigheid, weet ons dat ons deur die grond verbind is. Dit is die lewensaar wat deur ons gemeenskappe vloei en deure oopmaak na eindelose geleenthede vir gedeelde ekonomiese groei. Van voer na teel, ons verstaan agri-besighede en die uitdagings wat daarmee gepaard gaan, asof dit ons eie is. Daarom kan ons bankdienste en -produkte aanbied wat kliente werklik benodig.

As vennoot in die landbou, al vir meer as 100 jaar, het Absa 'n magdom ervaring en kennis verbou in die ontwikkeling van wêreldklas sake-werkwyses, gefokus op alle kommoditeite in die sektor. Produsente maak op ons staat om strategies te beplan en die bemagtiging van plaasgemeenskappe te bewerkstellig, ongeag die grootte. Ons toewyding aan hierdie noodsaaklike sektor is duidelik. Of ons die vooruitgang van die land se florerende wynindustrie stimuleer, of die gewas wat miljoene voed na omsien, ons vergemaklik die administrasie en bestuur van jou besigheid.

Sodra ons dinge vir ons plaasgemeenskappe vergemaklik, belê ons in onsself en bemagtig ons die ekonomie om te groei.

Vir meer inligting, besoek gerus ons webblad by www.absa.co.za

Authorised Financial Services Provider Registered Credit Provider Reg No NCRCP7